

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

27 Augustus 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 207 – Nommer 3

Etiopië: Beroemde 'kerkstad' onder beleg


– Bl 3



RUBRIEK

Praat reguit, dikwels

Ouers moet nie net een keer “die praatjie” met hulle kinders hê nie, maar veelvuldige, natuurlike gesprekke oor tyd, sodat kinders weet dat dit veilig is om oor hierdie onderwerpe te praat, skryf **Annelet Slazus**. Bl 12



BOEKE

Hoe gemaak met dié tekste?

Vir die skrywer Dan Kimball is dit belangrik dat lesers juis erns maak met daardie “crazy-sounding texts” in die Bybel. **Boekresensie**: Bl 17



BRIEWE

Keuse oor inenting ‘nie net jou besluit nie’?

“Dit is nie so eenvoudig om net te besluit ek laat my nie inent vanweë godsdienstige of ander redes nie, want ons is sosiale wesens wat nie in kokonne en geïsoleerd leef nie,” skryf **Kobus Smit**. Bl 8

Bete Giorgis is een van die 11 rotskerke by Lalibela in Etiopië se rotskerkkompleks. Die dorp is nou onder rebellebeheer en die plaaslike onderburgemeester het aan die BBC gesê hy is bekommerd oor die kerke, wat in die 1970's tot 'n Wêrelderfenisterrein verklaar is.

Help kinders, jonk en oud, met die moeilike situasies van die lewe

Die klip in Lisa se borskas

Help jong kinders om oor verlies te dink, daaroor te praat en dit uiteindelik te verwerk.

Ben en die drakie

Ben en die drakie is spesiaal geskryf om kinders te help om meer te ontdek oor angstigheid en hoe dit werk, en wat hulle kan doen om hulle drakies te hanteer en te tem.

Kolle en die gif

Kolle en die gif help kinders om boeligedrag te herken en leer hulle wat om met 'n boelie se gif te doen.

Sofia en die grot

Sofia en die grot is spesiaal geskryf om kinders, oud en jonk, te herinner om te kyk in die oë van die mense wat hulle liefhet. Hulle sal jou help om uit die alleenheid van jou wegkruipplek te ontsnap.

Die eerste vier boeke in die reeks is reeds in Afrikaans, Engels, isiXhosa en Sesotho beskikbaar.



KOOP HIER

www.ligland.co.za

Bestel per e-pos: bestel@bmedia.co.za

Skakel: 021 864 8211

BM
Bybel-Media

Kairos Netwerk gekap ná 'werwer' leier kontak

HELENE MEISSENHEIMER

En van die kerkleiers in die Oos-Kaap wat ongemaklik was oor 'n foonoproep wat hy ontvang het, het 'n pastorale skrywe aan kollegas gerig oor wat hy as 'n mobiliseringsveldtog deur Kairos Netwerk (KN) bestempel.

"Ek is nie gemaklik met die modus operandi nie, om – sonder die medewete van die betrokke sinodale leierskap – leraars te kontak om hulle teen sinodale strukture te 'mobiliseer,'" skryf ds Jasper Louw, voorsitter van die Sinodale Kommissie van die NG Kerk in die Oos-Kaap.

"Dit het onder my aandag gekom dat van ons predikante telefonies gekontak word ... Ek het ook op Woensdag, 17 Augustus, so 'n oproep ontvang!" skryf Louw op 18 Augustus op NG Kerk in Oos-Kaapland se webwerf.

In sy skrywe vertel Louw die dominee wat hom gebel het, het hom vertel dat KN nou op die Oos-Kaap fokus.

"(Hulle) doel is om predikante en gemeentes wat wil doleer, by te staan en met raad te bedien ... Hulle gebruik veralgemenings soos dat 'baie' predikante in die Oos-Kaap glo die Algemene Sinode is besig met dwaalleer. Hierdie veralgemening is beslis nie waar nie!"

Louw het aan *Kerkbode* gesê: "Dit is nie hoe die NG Kerkfamilie in die Oos-Kaap dinge doen nie. Dit maak mense net verder deurmekaar. In ons gebied het ons 'n kultuur van vir mekaar omgee ... ons praat dinge met mekaar uit ... dit is nie nodig dat drukgroepe van buite kom nie."

In die brief waarsku hy: "Hierdie soort aksie bevorder skeurmakery en oortree die ooreenkoms tussen leraars om nie buite die grense van hulle eie gemeentes op te tree nie, in elk geval nie sonder die toestemming van die betrokke kerkrade, en per implikasie, in hierdie geval, die sinodale kommissie nie."

Kairos Netwerk se voorsitter, dr Anton Knoetze, ontken dat daar 'n mobiliseringsveldtog is. "Kairos Netwerk wil dit onomwonde stel dat daar nie 'n 'werwings'-aksie in Oos-Kaapland is, soos wat beweer word nie. Daar sal egter voortgegaan word om onbeskaamd te getuig van die geïnspireerde Woord wat aan ons gegee is om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek (2 Tim 3:16)." Knoetze wou weet watter kerkordelike beletsel lidmate of predikante verhoed om met lidmate en predikante in ander sinodale gebiede in gesprek te tree.

Knoetze sê ook: "In die skrywe ... word die beskuldiging van skeurmakery genoem. Dit moet egter baie duidelik gestel word dat dié bewering van alle waarheid ontbloot is. Hy moedig lidmate, gemeentes en ringe aan om hulle besware op 'n kerkordelike wyse onder die aandag van die Algemene

Sinode te bring.

Daar is tans 77 dolerende gemeentes in die land waarvan vyf in die Oos-Kaap is volgens die lys wat Kairos Netwerk op hulle webblad byhou. "Doleer" is 'n ou gereformeerde tradisie waar gemeentes amptelik aandui hulle 'treur' oor spesifieke besluite of optrede van die kerkleierskap en onttrek daarom van deelname aan kerkleierskap-aktiwiteite en/of weerhou hulle finansiële ondersteuning.

"Ons is wel bewus van enkele gemeentes wat ongelukkig is oor sekere besluite van die Algemene Sinode, en ons was al persoonlik in gesprek met enkele van hulle. Van grootskaalse dolering is daar geen sprake nie," skryf Louw aan sy kollegas.

Sou daar leraars wees, "wat probleme het met sekere besluite van die Algemene Sinode of vermoedens het van 'leerdwaling'", nooi hy hulle uit om met die sinodale kantoor te skakel dat daaroor gesels kan word.

Van bl 1

Etiopië: Sal Lalibela se verstommende klipkerke veilig bly?

LE ROUX SCHOEMAN

Te midde van vrees oor die lot van derduisende ontheemde mense wat vlug van die konflik wat sedert November in Etiopië woed, is daar ook kommer oor die lot van die unieke rotskerkkompleks in Lalibela wat 'n jaarlikse bestemming vir Christenpelgrims asook 'n Wêrelderfenisterrein is.

Reeds sowat 674 492 Etiopiërs moes in die Amhara-streek vlug weens konflik tussen die Etiopiese weermag en Tigray-rebelle, volgens Unicef in Etiopië.

Die onderburgemeester van Lalibela, Mandefro Tadesse, het aan die BBC gesê die dorp is onder rebellebeheer, luidens 'n berig op 5 Augustus. En hoewel daar nog geen skote gevuur is nie, is hy bekommerd oor die veiligheid van die historiese kerke.

Die bergstad Lalibela, sowat 600 km buite die hoofstad Addis Abeba, is sinoniem met die 11 Middeleeuse kerke wat op verstommende wyse uit rots gekerf is en tot vandag as wêreldberoemde plekke van Christelike aanbidding dien.

Die regering van Abiy Ahmed, premier van Etiopië, het reeds in 2020 al hoe meer bedreig begin voel weens die etniese struwelinge in die land, berig Liesl Louw-Vaudran, 'n konsultant by

die Instituut vir Sekerheidstudies, onlangs op Netwerk24 oor die aanloop tot "volskaalse konflik tussen die Etiopiese weermag en die Tigray-rebelle".

Koning Lalibela het, tydens sy heerskappy in die laat 12de eeu, die kompleks van kerke laat bou as 'n soort mini-Jerusalem en as simbool van die goddelike reg van Etiopiese konings, nes ander Christelike konings in die Middeleeue. Daar is volop verwysings na die Heilige Land, van die Jordaanrivier, tot die Olyfberg en 'n besoek laat 'n mens verstom oor die bouernuf en visie van die projek. Die "monolitiese" styl verwys na die feit dat daar nie hoë strukture met bakstene opgerig is nie, maar eerder afwaarts in die koppies gegrawe en gekerf is om aanbiddingsplekke te skep wat plek-plek meer as 10 meter diep is en onderling met tonnelnetwerke verbind is.

Aan die rand van die kerkkompleks tref die besoeker Bete Giorgis aan, gekerf in die vorm van 'n kruis met die voete van 'n mummie wat uitsteek uit 'n nis by die ingang.

Etiopië is die oudste onafhanklike land in Afrika, met 'n bevolking waarvan 43% uit die sowat 108 miljoen inwoners Etiopies-Ortodokse Christene is.



Een van die aanbiddingsplekke by Lalibela.

Foto: Le Roux Schoeman (Argief)

‘Wegbreek-praatjies benadeel kerk se beeld’

HELÉNE MEISSENHEIMER

Daar het ’n groep van 14 predikante, drie emeritusleraars, vyf ouderlinge en drie NG lidmate op Vrydag 13 Augustus ’n byeenkoms in Namibië bygewoon om oor dolering en die pad vorentoe te praat.

Sola Scriptura (Latyn vir ‘Skrif alleen’), ’n gespreksplatform van predikante en NG lidmate in Namibië, het die byeenkoms gereël. Die platform is deur 19 predikante begin wat nie met die 2019-sinodebesluit oor selfdegeslagverhoudings saamstem nie, want hulle beskou dit as “in stryd met God se Woord en dus as ’n minagting van die gesag van God se Woord”.

“Ons wil graag sien dat soveel as moontlik gemeentes doleer en so hulle standpunt inneem teen dwaalleer in die NG Kerk. Daarna hoop ons die Namibiese Sinode maak haarself volgende jaar los van die Algemene Sinode in terme van Artikel 37 ... sonder bekeering by die Algemene Sinode en suiwering van die teologiese opleiding sien ons geensins ons weg oop om saam met hierdie instellings vorentoe te beweeg nie,” sê ds Erik van Zyl, voorsitter van Sola Scriptura. Hy is ook sendingkoördineerder van Kunene vir Christus en medepredikant by Pionierspark-gemeente in Windhoek.

Die ‘dwaalleer’ verwys na die Algemene Sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings in 2019. Luidens dié be-

sluit kan gemeentes self besluit watter standpunt hulle wil inneem oor verhoudings tussen mense van dieselfde geslag.

By navraag van *Kerkbode* het Van Zyl breedvoerig uiteengesit hoekom hulle sê dat hulle nie langer in een kerkverband kan staan met die Algemene Sinode oor die 2019-besluit nie. Hy sê, in kort, Sola Scriptura hou by die NG Kerk se voormalige beskouing dat selfdegeslagverhoudings sonde is en reken dit is onder druk vanuit “sekulêre postmodernisme” wat die kerk oor jare binnesypel het dat laasgenoemde nou erken word as reg. Hulle beskou dit as liefdeloos om dit nie sonde te noem nie.

Volgens Van Zyl het 39 Namibiese leraars nou al aangedui dat hulle Sola Scriptura se verklaring teen die 2019-sinodebesluit steun wat glo net meer as die helfte van dienende leraars in die land sou wees.

Die NG Kerk se leierskap het by navraag aan *Kerkbode* genoem uitlatings soos dié van Sola Scriptura doen skade aan kerkeenheid en die beeld van die kerk na buite.

“Dit sal altyd die NG Kerk se strewe wees om die eenheid van die kerk voorop te stel. Ons getuienis hang immers in ’n groot mate daarvan af,” sê dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

“Myns insiens word daar in ge-

sprekke op sosiale media en elders on- verantwoordelik omgegaan met die eenheid van die kerk. Woorde en taal wat na kerkskeuring verwys is onnadenkend. Die kerk, ook die kerk waaraan die dolerendes behoort, word ongelooflik skade aangedoen. Die kommentaar van buitekerklikes en hoe hulle hierdie gevegte binne die kerk beoordeel, is ’n pynlike bewys daarvan,” voeg hy by.

Om te doleer is ’n ou gereformeerde tradisie waarvolgens ’n gemeente aandui dat hulle ‘treur’ oor ’n besluit of optrede van die kerkleierskap en dan gewoonlik hulle finansiële ondersteuning terughou. Dolerende gemeentes behou egter hulle NG Kerk-status.

“Dit is ongelukkig so dat sommige van die dolerende groep nie net ‘treur’ nie maar met verdagmakery besig is, onder andere dat andersdenkendes se getrouheid aan fundamentele belydenissake bevraagteken word. Beskuldigings word dan gemaak soos van swak geestelike toestand, ensovoorts. Dit slaag nie die toets van die liefde nie,” sê Claassen.

Vir die Sinode van Namibië is beskerming van kerkeenheid ook voorop en daarom wil hulle die optrede van Sola Scriptura intern hanteer. “Dit bly vir ons ’n binnenshuise gesprek,” sê hulle moderator ds Johannes Maritz. “Al die (publisiteit) wat die saak kry, maak dat eksterne faktore interne span-

ning skep en dat onnodige etiketering en agterdog plaasvind. Ons wil dit ten alle koste verhoed,” voeg hy by.

Die Sinode van Namibië het hulle onlangs in ’n verklaring gedistansieer van NG gemeente Die Strand se doleringsbesluit. Claassen sê dit is belangrik om hiervan kennis te neem omdat Sola Scriptura die “sentimente van Die Strand-gemeente” ondersteun.

Daar is tans twee dolerende gemeentes in Namibië en sowat 75 in Suid-Afrika, volgens die lys wat deur die Kairos Netwerk op hulle webwerf bygehou word. Van Zyl se eie gemeente is nie een van die dolerendes nie en hy weet nie of hulle gaan doleer nie.

Anton Knoetze, voorsitter van Kairos Netwerk, het gesê hulle het kennis geneem van die byeenkoms gereël deur Sola Scriptura en bygevoeg daar is ook ander gemeentes wat hom skriftelik gekontak het dat hulle Kairos Netwerk ondersteun. Die Kairos Netwerk verteenwoordig ’n groep NG gemeentes wat ook van die 2019-sinodebesluit verskil en onlangs aangedui het hulle wil vir ’n afsonderlike sinode in die NG kerkverband vra.

Claassen sê die hoop van die NG Kerk se leierskap is egter dat kerkeenheid behou kan word. “Die uitnodiging is altyd daar vir gesprek. Kom ons probeer ’n weg vind uit die vasgelopenheid. Kom ons wees ’n getuienis,” sluit hy af.

Taliban se oorname is ‘hartverskeurend’

HELÉNE MEISSENHEIMER

Dié lyk soos ’n toneel uit ’n apokaliptiese flik. Honderde paniekbevange mense hardloop saam met ’n Amerikaanse militêre vragvliegtuig en klou selfs desperaat aan die onderstel vas terwyl dit opstyg vanaf die internasionale lughawe by Kaboel, Afganistan se hoofstad, waar die militante ekstremistegroep, die Taliban, terug in beheer is.

Dié ontstellende video is een van vele wat sedert Sondag 15 Augustus die wêreld ’n blik gee op hoe bevrees duisende Afgane is nou dat die Taliban, byna sonder teenstand, die land weer onder hulle beheer gekry het. Dit volg op die geleidelike onttrekking van Amerikaanse troepe uit die land sedert 1 Mei vanjaar – sowat 20 jaar na Amerika die Talibanbewind omvergegooi het in ’n weerwraakreaksie op die 9/11-terreuraanval.

Die Taliban het van 1996 tot 2001 ’n skrikbewind in Afganistan gevoer

gekenmerk deur openbare geseling en teregstellings. Volgens hulle streng interpretasie van die Islamgeloof word vroue nie toegelaat om te werk of selfs sonder ’n manlike familielid hulle huis te verlaat nie.

Godsvryheid bestaan nie in dié Moslemland van sowat 38 miljoen inwoners nie. Die klein minderheid Afgaanse Christene moet hulle geloof geheim hou uit vrees vir hulle lewe en dié van hulle gesinne volgens die webblad van Geopende Deure, ’n hulporganisasie wat vervolgte Christene wêreldwyd ondersteun.

“Dit is ’n hartverskeurende dag vir die burgers van Afganistan, en selfs ’n meer gevaarlike tyd om ’n Christen te wees,” sê Broer Samuel, Geopende Deure se direkteur in Asië (’n skuilnaam weens veiligheidsredes). “Dit is ’n onseker tyd vir die hele land, nie net vir geheime gelowiges nie. Ons hart is gebroke. Ons het geweet dit gaan gebeur. Ons is nie verbaas nie, maar dit maak die pyn nie minder nie.”

Geopende Deure lys vyf maniere waarop gelowiges vir die situasie in Afganistan kan bid op hulle webblad. Lees meer by: ‘5 Urgent ways you can

pray for Afghanistan’.

Afganistan is tweede op Geopende Deure se gebedslys van lande waar gelowiges vervolgt word.



Die sowat 640 Afgaanse vlugtelinge wat Sondag 15 Augustus op Kaboel in ’n US C-17 Amerikaanse militêre vragvliegtuig saamgebondel het om uit die land te vlug.

Foto: Defense One



Jaco Strydom gesels met **Ansa van Geest**

Sy is 'n dokter wat sing en skryf oor hoop

“Die vrou het die regte van vir die geleentheid!” was my eerste gedagte toe ek Ansa van Geest vroeër die jaar ontmoet tydens 'n Pinksterreeks by NG gemeente Helderberg in Somerset-Wes. Sy het kitaar gespeel en gesing as deel van die aanbiddingspan. Later sou ek uitvind dat sy 'n mediese dokter is, én 'n skrywer.

“Ek sing al van kleins af,” sê Ansa. “Ek het klavier geneem en later informeel leer kitaar speel. Ek het op skool 'n worship leader geword en dit het later deel van my mondering geword. Oral waar ek gebly het, was ek nog altyd deel van die lofprysingspan, selfs in Engeland. Kitaar en sang stap hand aan hand in my belewenis met die Here.”

Ansa en haar man woon saam met hulle vier kinders in Somerset-Wes. Sy vertel van haar liefde vir die natuur en dat sy erg bevoorreg voel om letterlik tussen die berge en die see te wees, twee plekke in die natuur wat nog altyd besonderse betekenis vir haar het.

Sy en vier ander vroulike dokters het 'n mediese praktyk in die Strand. Ansa spesialiseer veral in sonar en vroue-gesondheid, maar sy sien dikwels ook ander pasiënte.

Die gemeente waar sy betrokke is, het 'n Agapé-ondersteuningsfonds wat mense help wat dringende mediese sorg nodig het. Maatskaplike werkers verwys ook dikwels mense in mediese nood.

Ek vra haar oor die uitdagings te midde van die Covid-19-pandemie. Is dit so erg soos almal sê?

“Dit gaan rof,” sê sy. “Ek doen redelik baie Covid-toetse. Net gister was vyf van die ses mense wat ek getoets het positief.” Sy vertel van die hartseer van pasiënte wat oorlede is en die uitdagings van pasiënte wat tuis versorg moet word omdat die hospitale oorvol is.

“Ek het 'n pasiënt wie se drie sussies dood is, sy ma is tans in die hospitaal en sy dogter is pas opgeneem en dit alles in 'n kwessie van minder as drie weke se tyd. Dit het my nogal geruk. Die man sit verslae voor my, dit is baie erg,” sê Ansa.

Waarom hou sy vas as dit rof gaan?

“Ek hou stiltetyd en soek dinge wat my herinner aan God se grootheid. Ek maak seker dat ek stilwordtyd vir myself kry. Die natuur is die plek waar ek die naaste aan die Here voel. Soms stoei ek

met Hom wanneer dinge verkeerd voel. Dan skryf ek my hart uit of hardloop teen die berg op. Ek hou vas aan sy beloftes, veral die wete dat sy genade nuut is elke môre,” sê Ansa.

Filippense 4:8 is een van haar gunsteling-tekstse: “Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – daarop moet julle gedagtes rig.”

Ansa van Geest is ook 'n skrywer. Haar boek *Klippies van hoop*, uitgegee deur Carpe Diem, verskyn eersdaags. 'n Klomp van die stories en observasies in die boek is aanvanklik geskryf vir haar blog. Deesdae lees sy dit weekliks as 'n insetsel op Radio Kansel.

Ek het die nuwe manuskrip onder oë gehad. Dit is 'n lekkerleesboek wat 'n mens diep laat dink. Soos 'n goeie koppie koffie op 'n besige dag, dit maak jou oë oop, gee jou nuwe krag en laat jou sommer net weer beter voel oor die lewe.

“Ek skryf graag oor dinge wat my inspireer of wat die Here op my hart kom druk. Covid-19 het baie uitdagings gebring. Ons was almal in dieselfde storm, maar nie noodwendig in dieselfde boot nie. Keer op keer het ek ontdek hoe die Here my gedagtes lei en dit omswaai in stories van hoop. Die doel van hierdie stories is uiteindelik om mekaar te bemoedig en rimpels van hoop te maak,” skryf sy in die inleiding van die nuwe boek.

Die meeste van haar skryfwerk ontstaan laat in die nag in haar gedagtes as sy wakker lê. “Die Here vleg stories bymekaar en praat deur sy Woord met my. Daarna word dit 'n klippie van hoop,” sê sy.

Ansa maak aangrypende observasies en skryf met 'n eerlike kreatiwiteit wat 'n mens wakker maak, inspireer en uitdaag om self te begin soek na die groot geestelike lesse wat dikwels verskans lê agter die gewone dinge wat elke dag gebeur.

Sy vertel dat die mediese beroep dit vir haar moontlik maak om op 'n diep vlak by mense uit te kom. Sy is lief vir die Here en lief vir mense, en mense se stories inspireer haar.

Ansa skryf: “Terwyl ek oor baie dinge worstel is dit die stories tussenin wat die prentjie inkleur. 'n Klavierspeler te midde van 'n oorlog, vrede te midde van 'n verwoestende brand, 'n getuigskrif te midde van Covid-19.

“Covid-19 het baie uitdagings gebring. Ons was almal in dieselfde storm, maar nie noodwendig in dieselfde boot nie.”



Soms moet ons ver kyk om oor die toekoms te besin, maar so nou en dan moet ons dalk besef dat die sin van die lewe in die dinge rondom ons gevind kan word. Ander se stories help ons om weg te kyk van onself en ons eie begeertes.

Ek glo dat ons ons gedagtes moet vol maak met mooi dinge en dat ons me-

kaar se stories moet hoor. Saam kan ons 'n verskil in mekaar se lewe maak. Dit is my gebed dat ons rimpels van Hoop in ons land kan bring. 'n Klein klippie van hoop het groot trefkrag. Ons moet dit net begin gooi.”

► Ds Jaco Strydom is verbonde aan die NG gemeente Villieria in Pretoria en die Echo-jeuggemeenskappe.

Vriende en vennote

Dit is moeilik om die oorgang waarbinne die nuusmedia is te oordryf. Dit is nie alleen die spoed wat die maag laat draai nie, maar die feit dat jy nie om die draaie kan sien of 'n eindpunt kan voorspel nie.

Van digitale gebruikerskant skuif die leerswaartepunt die afgelope anderhalfdekkade van inhoud-via-webblaaier-op-my-desk na inhoud-ter-enigertyd-via-sosiale-media na slimfoon-app-inhoud en so snel dit voort. Tegelyk skuif die gros lesers stelselmatig van 'n gee-my-alles-gratis-ingesteldheid na 'n meer keurige ek-sal-betaal-vir-gehalte-benadering, met behulp van kulturele kruisbestuwing deur vermaakdiensplatforms soos Netflix wat op hulle beurt help om 'n digitale betaalkultuur te vestig.

As kerkkoerant in die stal van die uitgewer Bybel-Media het *Kerkbode* nie spesiale beenskatte teen al die vinnige aflewering van digitale ontvringing afstuur nie.

Ons stryd is om op volhoubare wyse digitale kerkjoernalistiek te lewer. Laasgenoemde is wat ons doen by www.kerkbode.co.za en dit is bemoedigend om die groei in lesers en aandag op ons webwerf dop te hou.

Die woord "volhoubaar" verwys na 'n eenvoudige maar groot uitdaging: Kan ons die inkomste wat *Kerkbode* in die vet jare van papierkoerante uit die sakke van intekenaargemeentes gehaal het, verhaal by individuele digitale lesers?

En strategie daartoe is natuurlik 'n betaaumuur. Vele groot gehalte-koerante kan dobbel daarmee. Daar sal gewoon wiskundig genoeg mense wees wat opdok. Uitstekende niskoerante met inligting wat nêrens anders met vergelykbare kundigheid geskep word nie – én gemis gaan word deur lesers wanneer hulle dit nie meer kry nie – staan ook 'n kans om die betaaumuurboerpot te wen. Maar daar is ook punte te maak teen so 'n besluit. Die beginsel van toeganklikheid en nie-uitsluiting is sekerlik een.

By *Kerkbode* het ons besluit dat ons alle opsies sal verken voor ons daardie soort toebou oorweeg. Die gevolg van daardie besluit is 'n projek met die naam *Vriende van Kerkbode*. Sedert Februarie vanjaar maak ons dit daarvolgens vir digitale lesers maklik om ons finansiële te ondersteun.

Met *Vriende* bedoel ons bloot mense wat waarde heg aan ons algemene benadering tot *Kerkbode* as joernalistieke projek. Wat verstaan dat die boodskap en boodskapper nie te verwar is nie en dat 'n belegging in 'n nuusdiens, 'n belegging in gesonde kommunikasie is.

As redaksie wil ons dankie sê vir elk van ons *Vriende* wat tot dusver daad by die woord gevoeg het om te verseker dat die *Kerkbode*-handelsmerk – in welke formaat – oor 'n dekkade of wat die twee-eeu-merk sal bereik.

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis: Helène Meissenheimer

helene@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proffeser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath

Sel 072 357 8914

E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen

E-pos: lida@tydskrifte.co.za

Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

COP 26: Hoe hanteer jy dié slegte nuus?

'n Suid-Afrikaanse afvaardiging tel onder die lande wat verteenwoordig sal word by die 26ste Conference of the Parties wat vanaf 31 Oktober in Glasgow, Skotland vergader om oor klimaatsake te praat. Wat is op die spel? vra David P Botha.

Dit is moeilik om aanmeekaar slegte nuus aan te dra. Vra maar vir Jeremia. Vra ook maar vir die wetenskaplikes wat die klimaat bestudeer en wat jaar na jaar vir die mensdom moet vertel hoe hulle voorspellings besig is om waar te word – ontstellend vinnig waar te word!

Een van die onderwerpe wat die afgelope paar maande prominent in die sosiale media was, was die sielkundige effek wat dit op wetenskaplikes het om so voortdurend met slegte nuus gekonfronteer te word en om dan ook as draers van dié nuus teervaar dat die groot besluitnemers op die wêreldverhoog hulle nie eintlik aan die nuus steur nie.

Joernaliste wat oor ekologiese kwessies skryf en as die samelewing se ekologiese gewete optree, word dikwels aan heftige en soms uiters onbeskofte reaksies blootgestel van diegene op wie se tone hulle trap. Lees maar net die omgewingsverslaggewer Elise Tempelhoff se plasing op Facebook om te sien hoe lelik van die reaksies is wat sy en ander wat haar ondersteun moet verduur.

Hoekom reageer mense so as-af en selfs vyandig teenoor die slegte nuus van klimaatsverandering?

Die meteoroloog, dr J Marshall Shepherd, dosent aan Georgia Universiteit in die VSA, is oortuig daarvan dat mense se weerstand en verwerping van inligting oor klimaatsverandering baie te doen het met hulle vooroordele. Die vooroordeel wat hy veral beklemtoon, is die bevestigingsvooroordeel (*confirmation bias*). Ons het 'n voorkeur vir inligting wat dit bevestig wat ons reeds glo en 'n afkeer van inligting wat daarmee strydig is. Hierdie voorkeur werk soos 'n filter. Dit laat net inligting deur wat dit bevestig waarvan ons reeds oortuig is en as die waarheid glo. Hoe nader ons 'n oortuiging of geloof aan ons hart dra, hoe sterker werk hierdie bevestigingsvooroordeel en hoe heftiger kan ons

reaksie teen die nuus en die nuusdraer(s) wees. Hierdie vooroordeel veroorsaak ook dat ons geneig is om net artikels en bydraes te lees wat dit bevestig waarvan ons reeds oortuig is. Enigiets wat dan ons oortuigings uitdaag, ignoreer ons of verwerp dit as onbetroubaar en vals.

Dit gaan sekerlik ook nou weer met die jongste Intergovernmental Panel on Climate Change (IPCC)-verslag ook gebeur. Diegene wat glo dat die wetenskaplikes wat agter die verslag sit almal kop in een mus is en op geldmaak uit is en die wêreld om een of ander sinistère rede doelbewus wil mislei, gaan nie die verslag lees nie en hulle ook nie daaraan steur nie. Hopelik gaan die politieke en ekonomiese leiers van die wêreld, wat vanaf 31 Oktober tot 12 November 2021 in Glasgow vir die 26ste Conference of the Parties (COP) bymekaar is, slimmer wees as dit.

Mag hulle hulle tog wel deeglik aan die inhoud van dié verslag steur en doen wat nodig is om die mens van sy dwaasheid te red – dat ons eiehandig sorg dat lewe soos ons dit vandag ken (ons eie inklusie) uiteindelik nie meer op aarde moontlik sal wees nie.

IPCC staan vir Intergovernmental Panel on Climate Change en is 'n paneel wat deur die Verenigde Nasies in die lewe geroep is. Die paneel maak seker dat die regering van die wêreld betroubare wetenskaplike feite het wat hulle kan gebruik om beleid te bepaal wat in diens staan van die wêreld van Planeet Aarde en al haar inwoners – en wat ook 'n leefbare toekoms help skep vir toekomstige menslike geslagte. Die paneel se werk en ook hierdie verslag word deur 195 lande van die wêreld ondersteun.

Ons eie regering is een van die 195 lande wat deel is van die IPCC-proses en wat in Glasgow gaan wees. Ter wille van ons eie land en die impak wat klimaatsverandering reeds op ons land het en in die toekoms gaan hê, is dit dringend nodig dat ons regering hulle wel ook deeglik aan die verslag sal steur.

As Christene, wat saam met Christus vir hierdie aarde omgee, behoort ons vir ons hele regering en spesiaal vir ons minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing, Barbara Creecy, en haar departement te bid. En dan ook vir COP 26, met die hoop en verwagting dat COVID-19 en die vlag brande en oor-

stromings dwarsoor die hele wêreld die afgelope tyd 'n opregte erns en toewyding sal bring wat inderdaad sal lei tot die drastiese maatreëls wat nodig is om die verwarming van die aarde se atmosfeer onder 2°C te hou.

Maar bid is nie genoeg nie, veral nie as ons net aan bid dink as 'n gesprek met die Here terwyl ons oë toe is nie. Ons moet werkend bid. Ons moet, terwyl ons vir die regering van die wêreld bid, self elkeen sorg dat ons ons eie bydrae tot die vrystelling van kweekhuisgasse drasties inkort. Van die dinge wat ons kan doen, is byvoorbeeld die volgende:

- Onthou dat elke keer as ons die motor aanskakel of in 'n vliegtuig klim ons direk bydra tot die verwarming van die aarde se atmosfeer. Daarom, ry en vlieg so min as moontlik.

- Onthou dat ons met die gebruik van Eskomkrag of die aanskakel van 'n kragopwekker wat op petrol of diesel loop elkeen ook direk bydra tot die verbranding van fossielbrandstof en daarom tot aardverwarming. Daarom, gebruik so min as moontlik krag en indien jy dit kan bekostig, installeer volhoubare bronne van krag vir julle huishouding.

- Onthou dat die plantegroei van die aarde 'n reuse-bydrae maak tot die absorbering van koolstofdioksied. Deur bome en struik te plant en die grond rondom ons huis gesond te hou, kan ons elkeen die natuur help om dit te doen. Moenie julle erf toe plafei nie, maak eerder tuin!

- Onthou dat al die kos, klere en verbruikersgoedere wat ons van die winkel af aanry of -dra ook 'n koolstofvoetspoor laat. Dit word dikwels van vér af vervoer of gevlieg (selfs van oorsee!). Deur dit te koop, dra ons persoonlik by tot die koolstofvoetspoor van dié produkte. Daarom, koop (indien enigsins moontlik) plaaslik. Die heel beste is: Kweek julle eie groente en vrugte en maak alles reg wat julle kan en hergebruik alles wat julle kan. Maak julle motto oor die verbruikersgoedere in julle lewe die volgende: Sê nee – maak minder – hergebruik – herwin.

Ons is heel waarskynlik die laaste geslag wat nog iets daaraan kan doen om die verwarming van die aarde se atmosfeer tot 'n leefbare vlak in te kort. Kom ons doen alles wat ons kan – met blydschap.

Vrede vir die aarde en al haar inwoners.

► Ds David P Botha is onder meer die ekologie-korrespondent vir <https://getuienis.christians.co.za> waar hierdie stuk oorspronklik gepubliseer is.





Trek mekaar nader, in die oë kyk, vergewe

Endag toe Jesus op pad was na 'n sterwende kind, word sy reis onderbreek deur 'n waaghalsige vrou. Sy het al twaalf jaar aan bloedvloeiing gely en al haar geld aan dokters uitgegee, maar kon nie gesond word nie. Toe kom sy deur die skare mense nader om agter aan Jesus se kleed te raak. Toe stop haar bloedvloeiing. Toe Jesus vra wie Hom aangeraak het, is die dissipels verbaas. In die samedromming in die strate raak mense tog aan mekaar. Maar Jesus het besef dat iemand Hom met 'n bepaalde intensie aangeraak het. Toe die vrou sien Hy weet dit is sy, het sy bewend van angs voor Hom gaan neerval. Daar voor al die mense vertel sy Hom toe waarom sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. Toe sê Hy: Dogter, jou geloof het jou gered, gaan in vrede.

Hierdie storie is nie net merkwaardig omdat die vrou gesond geword het nie. Hierdie storie is merkwaardig omdat die vrou onrein was. Trouens, sy was al vir 12 jaar onrein, 'n vernederde randfiguur in die samelewing. Die storie is merkwaardig omdat dit gaan oor die mees blootstellende aspek van elke vrou se lewe. Hierdie storie is nog meer merkwaardig omdat sy gestenig kon word omdat sy met haar onrein lyf die Jode kon kontamineer. Om dan voor al die mense te moet sê wat sy gedoen het, was soos om haar eie doodsvonnis te onderteken. Die fisiologiese werklikheid van haar bestaan was net 'n deel

van haar probleem. Hoe daar oor haar gedink is, was selfs gevaarliker as haar gesondheidstoestand.

En dan laat Jesus haar gaan. Dit moes vir die ander Joodse mans wat daar gestaan het, 'n skok wees. Hulle reëls het anders bepaal. Hierdie storie word ook daárdeur merkwaardig dat hierdie man voor al die ander mans 'n keuse maak om die vrou se gelyke menswaardigheid te erken. In die proses plaas Hy Homself in gevaar. Die storie gaan oor vrouwees in 'n manlikdominante samelewing. In hierdie samelewing red Jesus 'n verwerpe en vernederde mens.

Vrouedag en Vrouemaand is 'n viering van die gelyke menswaardigheid van vroue. Die oorsprong daarvan lê in die navolging van Christus. Ons het ver gevorder om aan vroue eer te bewys deur geregtigheid teenoor hulle te laat geskied. Maar daar is nog baie werk. In die wyse waarop ons onnadenkend uitsluitend praat, grappies maak oor vroue, veralgemeen oor vroue se emosies en kwaliteite, aan vroue bepaalde rolle "toeken" – asof daar aan hulle rolle toegeken kan word deur mense met meer gesag – sit ons dikwels onbedoeld, maar nie minder effektief nie, die gevaarlike minderwaardigheid van vroue in ons en ander se denke voort. Vroue mag nie alleen die stryd voer om hulle menswaardigheid te beskerm nie. Daar rus 'n sware plig op mans om Jesus na te volg in sy onverskrokke verbintenis om vroue te eer as gelyke mense voor God.

In Afganistan word die minderwaardigheid van vroue nou op die spits gedryf. Duisende vroue steek byvoorbeeld hulle kwalifikasies weg om vervolging te vermy. Ander vlug vir hulle lewe. Uitsluiting, veral ook van Christus uit hierdie samelewing, het verwoestende gevolge.

Verdeeldheid tussen mense lei dikwels tot skeidsure van veralgemenings, tot afbrekende persoonlike aanvalle, tot onbegrip, tot die skending van mense se waardigheid. Dit gebeur met goeie en vroom mense, maar ook met robuuste en ongeërgde mense, dat hulle in hulle standpuntname, dikwels onbedoeld, mense begin kwets, beledig, veroordeel en stereotipeer. Mense word in kampe gejaag, meestal net twee. Dan kan jy dié wat nie in jou kamp is nie tot vyand verklaar. Jy kan aan een front veg. Kort voor lank is daar geen genade vir mekaar nie, word die mens nie meer gesien nie, word die pyn van ander nie meer opgelet nie, word die skending van ander se geloofsintegriteit gerasionaliseer, word die miskyk van ander se lyding die heersende kultuur, word jou algoritmiësgeselekteerde inligtingstroom jou totale narratief. Want jy is buite sig en buite hoorafstand van die ander, anderkant jou selfgeboude muur, so ver dat mense afskietbare objekte word, alles met die oog op 'n oorwinning vir die standpunte waarin jy glo.

Dit is hoekom die storie van Lukas 8 vir my so ekstra merkwaardig is. Want nadat Jesus die vrou bevry het van die

veroordeling van die Joodse samelewing, sit Hy sy tog voort na Jairus se huis. Jairus was 'n raadslid van die sinagoge. Hy was een van dié wat onrein vroue op hulle raadsbepaalde plek gehou het. Maar Jesus gaan van die insident met die vrou en die Jode, na die Joodse raadslid se huis toe en wek sy kind op. Is dit nie merkwaardig hoe Hy met liefde onderskei nie? Sy weerstand teen die Joodse gesagvoerders maak Hom nie onsensitief vir hulle lyding en nood nie. Hulle word nie objekte van stryd en weersin nie. Sy genade is ook vir hulle genoeg. Jairus en sy dogtertjie bly vir Hom mense wat sy liefde, hoe onverdiend ookal, kan ontvang.

Jesus het ons kom red van ons sonde. Hy roep ons op om ons te bekeer. Glo die Goeie Nuus, die koninkryk van God het naby gekom. 'n Voorteken van die ewige koninkryk sal wees as ons mekaar sal nader trek, in die oë kyk, vergewe, nie veroordeel nie, aanhoor en nie name noem nie, mekaar se menswaardigheid beskerm in plaas daarvan om mekaar as binnemense of buitemense, getroues of ontroues, goeies of slegtes te stereotipeer. Ons sal beslis voortekens van die koninkryk van die hemel oprig as ons deur die konstruksie van die samelewing breek en mekaar se integriteit en eer beskerm, en bly omgee, soos Jesus.

► *Ds Nelis Janse van Rensburg is predikant van die NG gemeente Welgemoed en voorsitter van die Algemene Sinode se moderamen.*

GASRUBRIEK

Cas Wepener



Wie is dié wat weet?

Jy sien dit in hulle gebaretaal, ook hoe hulle praat. Eintlik in die hele liggaamshouding, skryf die praktiese teoloog Bonnie Miller-McLemore. Sy verwys na nagraadse studente aan haar universiteit. Die studente wat spesialiseer in teoretiese vakke, soos Dogmatiek en Dogmageskiedenis, se houding kommunikeer 'n selfversekerdheid wat studente in die prakties-georiënteerde vakke nie het nie. En sy wonder waarom die studente wat nader aan die praktyk is, soos in prediking en pastoraat, hulle kennis bevraagteken?

Praktyk teenoor teorie is 'n onnodige teenstelling, dit moenie óf-óf wees nie, maar veel eerder 'n diepgaande én-én. Teorie en praktyk hoort bymekaar op die wyse waarop Frank Sinatra oor liefde en die huwelik sing: "This I tell ya, brother, you can't have one without the other." Veral ook wanneer dit by godsdiens kom, want godsdiens is by uitstek ook iets wat mense doen. Toegee, 'n

praktiese teoloog is hier aan die woord. En, bygesê, een wat dink dat predikante, musiekleiers, koster, skribas, moderators, en elke lidmaat en nie-lidmaat, Christen of nie, wat al oor kerk en teologie gedoen en gedink het, praktiese teoloë is wat oor belangrike kennis beskik.

Wat is daardie kennis? Dit is kennis wat jy bekom wanneer jy aan praktyk deelneem. Soms besef jy dit nie, maar as jy byvoorbeeld al dikwels geëet het, beskik jy oor belangrike kennis. Jy weet van sluk en van verstik; ook wanneer ander dink jy eet ongeskik. En waar kry jy heelwat van daardie kennis? Wel, deur te eet. Dit is van groot waarde om te lees oor eet; oor die fisiologie van kou en sluk; oor diëte en oor cholesterol en om so kosbare kennis te bekom. Maar as jy nog nie jou tande in 'n ryp peer ingeslaan het nie, is daar 'n sekere soort weet wat jy gewoon nog nie weet nie. Of, as jy nog nie self kos voorberei het nie. Of, as jy nog nie iemand wat self nie

kan kou en sluk gevoer het nie. Of, as jy nog nie geborsvoed het nie.

Uiteindelik gaan sit praktiese kennis in jou lyf en word jou lyf, soos wat jy dinge doen, 'n bron van kennis. Volgens die teoloog Ted Jennings jr is die mens se liggaam 'n belangrike domein van en vir kennis. Hy bespreek rituele, soos eredienste, om sy punt te maak en wys daarop dat jy kennis opdoen deur aan die praktyk deel te neem. Jy kry kennis van die praktyk deur aktief in die praktyk te wees en so vind jy ook uit hoe om prakties op te tree. Dit is deur in te spring en deel te word van die praktyk, met ander woorde gewoon net om dinge te doen, dat jy uitvind wat (moontlik) gaan gebeur en wat die beste manier is om op te tree. Vra maar vir die gemiddelde dominee waar en hoe sy uitgevind het om op die sinvolste manier as liturg by 'n oop graf op te tree? Die antwoord? Deur as liturg by 'n oop graf op te tree.

Lank gelede het die Nederlandse teo-

loog Gerhardus van der Leeuw opgemerk dat diegene wat nie aan 'n dans deelneem nie, wat nie saam dans nie, nie weet wat gaan gebeur nie. Jy moet dus deelneem en doen om te kan weet. Vir my is dit sommer ook 'n definisie van my vakgebied – Praktiese Teologie. Praktiese Teologie beteken reflektende deelname aan die dans van geleefde godsdiens. En geleefde godsdiens behels praktyke soos bid, preek, lees, sit, eet, huil, sorg, dien, loop, liefhê, fietsry, sing, pelgrimstogte stap, jou kat kosgee en vloermoere gooi.

Ek breek hier 'n lansië vir geleefde praktykkennis wat in ons lyf sit as 'n soort kennis wat nie vlak gekyk moet word nie. En die lywe wat die kennis besit se liggaamshouding kan tereg kommunikeer dat dit geensins minderwaardige kennis is nie, intendeel. Wie is dus dié wat weet? Dié wat denkend dans en dansend dink.

► *Prof Cas Wepener doseer Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*

Inenting: Jou siening het implikasies vir ander en jou spiritualiteit

Kobus Smit skryf:

Ek loop nou die dag ons buurvrou op straat raak. Sy het Covid gehad en was vreeslik siek, so ook haar man. Hulle is baie ernstige Christene en getroue lidmate van 'n charismatiese kerk. Ek verneem toe na haar welstand en bewoë vertel sy my van die dieptes van ellende waardeur sy gegaan het en hoe dankbaar sy is dat die Here haar genees het. Toe ons oor inenting praat, steek sy vas: "Ek laat my nie inent nie. Dit is teen my goddiens". Sy laat val toe dat hulle vir haar dogter in Noorweë wil gaan kuier, maar besef ook bewys van inenting sal 'n vereiste wees. Toe voeg sy by "liewe Jesus sal ook vir my 'n deur oopmaak om te kan gaan".

Daar is natuurlik baie redes waarom mense hulle nie wil laat inent nie.

Ook te verstaan. Die sosiale media het hulle met soveel mites en leuens verwar, selfs medici, dat hulle nie weet wat om te glo en wat nie. Daarmee het ek baie simpatie en deernis, ook met hulle vrese en kommer. Die virus ont-sien niemand nie en maai oud en jonk in hulle duisende af.

Maar dit is nie so eenvoudig om net te besluit ek laat my nie inent vanweë godsdienstige of ander redes nie, want ons is sosiale wesens wat nie in kokonne en geïsoleerd leef nie. Ons is deel van 'n familie, 'n geloofsgemeenskap, samelewing en selfs 'n internasionale gemeenskap.

Christene kan ook nie redeneer hulle inenting is 'n saak tussen hulle en God en dat dit niks met ander mense te doen het nie, want hulle verhouding met God het alles te make met hulle

naaste en die skepping (kosmos). Dit raak die tweede gebod baie direk: die liefde tot die naaste en hulle geluk, gesondheid en welsyn. As my buurvrou, wat haar nie wil laat inent nie, gaan inkopies doen of 'n sosiale funksie bywoon, stel sy ander mense in gevaar. Die rektor van die Universiteit Stellenbosch het dit mooi vir sy studente gestel: "No jab, no job".

Die keuse tussen inent al dan nie raak al die sferes van die samelewing: die ekonomie, sport, gesondheid, opvoeding. Die effek van Covid op ons ekonomie is reeds kolossaal en vernietigend. Die ekonomie kan nie verder deur Covid vernietig word nie.

'n Keuse om nie ingeënt te word nie is natuurlik ook 'n keuse teen kudde-immuniteit, wat absoluut noodsaaklik is om die greep van die virus te breek.

So 'n keuse dra ook by tot spanning en verdeeldheid in huwelike, gesinne, families, gemeenskappe en samelewings.

Christene wat daarvan uitgaan dat hulle nie die inenting nodig het nie, want "die Here sal hulle teen die virus beskerm", maak hulle nie net los van die verhouding met hulle medemens en die kosmos nie, maar sluit ook God se sorg en voorsienigheid deur die mediese wetenskap en veral viroloë uit. Hierdie groep gelowiges verstaan nie dat God op natuurlike wyses vir die mensdom deur die mediese wetenskap en tegnologie sorg nie. Hulle verwag dat God op bo-natuurlike wyse vir hulle moet sorg. Só 'n siening en keuse het nie alleen ernstige implikasies vir hulle spiritualiteit nie, maar ook vir die familie en samelewing waarvan hulle deel is.

Liberaal en konserwatief: Hoe lyk dit deur lens van Belhar?

Ds Johann Theron van Kraaifontein skryf:

Daar is 'n Franse uitdrukking – "les extrêmes se touchent" – die ekstremes raak mekaar.

Dit is van toepassing op die krisis wat tans in die NG Kerk beleef word rakende die liberale en konserwatiewe benaderings in die kerk.

Liberaal beteken "bevrydend", konserwatief beteken "bewarend". Bevryding en bewaring – albei Bybelse woorde.

Die probleem is dat ons egter nie konsepte uit die Bybel kan skeur en daarmee ons geloofslewe gaan inrig nie. Die liberale Skrifuitleg rakende die gysaak en die konserwatiewe uitleg ontmoet mekaar volgens Paulus se Skrifuitleg in Romeine. Paulus praat met die konserwatiewe Jode en wys op die liberale perversiteite van die heidene (afgodiese wellus) (Rom 1). Paulus wys egter dat hierdie afgodediens van die heidene dieselfde is as die afgodiese vroue van die Jode op hulle wet (Rom 2).

Paulus wys dus dat die Gees se beoordeling van die liberale én die konserwatiewe beskouings is dat hulle mekaar ontmoet – in die sonde: "Waarop kom dit neer? Is ons as Jode dan beter as die ander? Glad nie, want ons het al bewys dat Jode en nie-Jode almal in die mag van die sonde is. Daar staan immers geskrywe: 'Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie'" (Rom 3:9-10). Hierteenoor stel Paulus die verlossing uit die genade alleen as die vreemde weg van die evangelie (en ons belydenis). "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus" (Rom 3:23-24).

Wat sou die bevryding van die liberale benadering beteken as dit nie bevryding van sonde is nie? Die konserwatiewe voel aan dat die liberale benadering bevryding van sonde verstaan as bevryding van die idee van sonde – dat daar nie eintlik iets soos sonde is nie. Daarteen wil die konserwatiewe die kerk bewaar.

Wat sou die bewaring van die konserwatiewe beteken as dit net bewaring van die wet sou wees? Die liberale benadering voel weer aan dat die konserwatiewe so die wet bewaar dat daar geen ruimte vir die bevryding deur Christus is nie. Die liberale soek dus bevryding van die wet.

Indien die liberale en konserwatiewe beskouings op die kernsaak van kerkeenheid en die stemproses oor Belhar van toepassing gemaak word, blyk die sondige on-Bybelsheid van beide. Die liberale beskouing onderskryf Belhar, maar nie op Bybelse gronde met erkenning van hulle eie sonde nie. Die konserwatiewe verwerp Belhar, maar ook nie op Bybelse gronde nie en daarmee ontduik hulle ook erkenning van hulle eie sondigheid.

Die liberale benadering plaas mense en hulle ervarings bo die gesag van die Bybel en doen dit in die naam van liefde en bevryding. Die konserwatiewe benadering plaas ook die mense se wil bo die Woord van God en doen so uit liefde en bewaring van die broers wat nie kerkeenheid wil hê nie – beide on-Bybels. Die ekstreme raak mekaar.

Dankie vir leraars wat die Skrif en belydenis vashou

Prof Johan Janse van Rensburg skryf:

In sy poging om die onrus in die NG Kerk te besweer, het Nelis Janse van Rensburg in 'n video die kerk pastoraal probeer aanspreek. Dat hy daarin die indruk skep dat die kerk nog by sy gereformeerde belydenis staan, is onbe-

gryplik. Ek twyfel of daar enige teoloog is wat afwykende uitsprake oor die Skrif en die geloof gemaak het, wat hulle teologie as gereformeerde sou bestempel. Trouens, die gereformeerde teologie word in akademiese kringe al hoe meer agterhaal ten koste van die resultate van die historiese kritiek en 'n natuurlike teologie. Die Fakulteit Teologie in die Vrystaat het byvoorbeeld al 'n dekade gelede besluit om nie meer gereformeerde teologie te bedryf nie. Daar is op 'n sogenaamde klassieke teologie besluit. Die kuratorium is hiervan op 'n vergadering ingelig en dit is sonder teenstem aanvaar. Dit was die laaste vergadering wat ek bygewoon het voordat ek afgetree het. Sommige besluite van die Algemene Sinode het die rug op die belydenisskrifte gedraai. Selfs tugsake teen sekere teoloë wat Skrifwaarhede verwerp, het op niks uitgeloopt nie, of is nie deur kerklike besluite gerepudieer nie. Daar was voorbeelde van teoloë wat openlik verklaar het dat die opstanding van Christus nie 'n kernsaak is nie. Verder het 'n paar teoloë van 'n teïstiese teologie afstand gedoen en dit met 'n post-teïstiese teologie vervang.

Om dan te beweer dat die kerk in 'n lang tradisie van gereformeerde teologie staan, is misleidend. Prof Willie Jonker het kort voor sy dood sy besorgheid uitgespreek omdat die gereformeerde teologie vervaag het. Die lang tradisie waarna Nelis verwys, sluit Calvin, Bavinck, Kuyper en Berkouwer in. Geeneen van hulle sou die relativisering van Christus se opstanding, die bestaan van die duiwel of 'n post-teïstiese geloof as gereformeerde beskou nie. Die Algemene Sinode se besluit om onder die beginsel van diversiteit te werk, het die weg vir allerlei afwykings van die gereformeerde leer moontlik gemaak. Daarom het leertug uit die kerk verdwyn en is artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis gerelativeer. Nee, ds Nelis, die gereformeerde tradisie is op soveel maniere geskend. Dankie vir ge-

meentes waar leraars nog die Skrif en belydenis vashou en wys dat hulle die besluite van die Algemene Sinode ondraaglik vind.

Vrae van 'n 'voedselprodusent'

Anonieme leraar uit Hoëveld skryf:

Ek wou nog altyd boer soos my pa. Toe land ek in die kerk, NG Kerk, as predikant. Vanmôre sit ek met die skielike besef dat ek wel boer.

Ek saai, ek saai in woord en daad, maar in mobiele lande wat saad wegdra. Beesboere weet van brand. Ek slaan soms ook vlamme dood om die plaas te red, meestal is ek te laat. Ek maak veral voorbrande intern en gee aandag aan grassies wat die grootste kans het om vlamme en weerlig te bring. Ek gee voer, ons diere raak lekker vet, maar die kudde wil nie medisyne vat nie. Die drade word gebreek en gesteel deur skelms en hongeres, op soek na groener weivelde. Die mark is sleg. Lekker boer beteken nie deesdae dat die boerdery skoolfonds en medies sal kan betaal nie. 'n Mens wil boer, maar die politiek kom heertyd in; nie groot politiek oor armoede en geregtigheid nie, somer klein politiek van 'n miessies en baas wat die kitaar wil slaan.

Ek's lief vir my grond, maar ek begin ook wonder of my NG plaas gebou is op fundamentele ongeregtigheid. Ek wonder of hierdie grond volhoubare drakrag het vir al my drome? Ons sukkel met die mark, die mark is oorstroom deur invoere uit die VSA wat groter en goedkoper is as die plaaslike produk. Soos die meeste beesboere, wag ek op die reën, maar die reën bly weg al bid ons hoe. Ons boer, maar voel nie veilig nie. Ons is nie bang vir aanvalle nie, niemand wil ons eens aanval nie. Ons vrees die groot stilte van niemand wat *bother* nie, hierdie gevaarlike stil gevaar van finale irrelevansie.

• Die skrywer se identiteit is aan Kerkbode bekend en word op versoek weerhou. – Red.



27 Augustus 2021

Kom ons lees, bid en sing die Psalms in 'n tyd soos hierdie

Die Covid-pandemie se effek op ons word al meer gevoel. Ons begin agterkom dat die siekte en die dood van geliefdes, vriende, kollegas ons diep raak. Dit is ontstellend om op 'n byna daaglikse basis te verneem van nog iemand wat ons ken wat getref is deur die virus. Gekombineer met die Covid-pandemie word Suid-Afrika getref deur ernstige onrus wat prakties neerkom op anargie. Ons het nodig om in ons geloof versterk te word. Die Psalms help ons. Die Psalms tel onder van die mees gelese gedeeltes van die Bybel. Die Psalms is ook die Ou-Testamentiese boek wat die meeste in die Nuwe Testament aangehaal word.

Martin Luther het die Psalms die "Kleine Bibel" genoem. Psalm 46 het gedien as inspirasie vir sy bekende hervormingslied "Ein feste Burg ist unser Gott" en word vandag nog gesing in kerke van gereformeerde tradisie – in Afrikaans bekend as Lied 476. In die groot keerpunte van sy lewe was dit telkens die Psalms wat hom bemoedig het.

Johannes Calvyn het die Psalms die "anatomie van elke deel van die siel" genoem omdat daar nie 'n emosie is waarvan die mens bewus is wat nie in die Psalms weerspieël word nie. Calvyn was ook verantwoordelik vir 'n omvangryke kommentaar op die Psalms waarin hy eksegetiese en taalkundige opmerkings kombineer met praktiese uitleg. Nog 'n faktor wat die Psalms gewild gemaak het was die feit dat die Psalms veral as gevolg van die invloed van Luther en Calvyn gesing is.



Die verband tussen Jesus en die Psalms is ook interessant. Navorsing toon hoedat daar 'n onweerlegbare verband tussen die Ons Vader-gebed van Jesus en Psalm 103 bestaan. Die voorkoms van psalms in die lyding van Christus is opvallend. Jesus se woorde "Ek is dors" in Johannes 19:28 is die weerklank van Psalm 22:15-16. Toe die soldate vir hom suurwyn aanbied, vind dit weerklank in Psalm 69:21-22. Jesus se kruiswoord "My God, my God, waarom verlaat U My?" (Matt 27:46) is 'n aanhaling van Psalm 22:1 en wanneer Jesus sê "In u hande gee ek my gees oor" (Luk 23:46) herinner dit aan Psalm 31:6: "In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak."

Wat is 'n psalm? Dit is nie so maklik om te sê presies wat 'n psalm is nie. 'n Psalm is meer as een ding.

'n Psalm is 'n gedig

Die vorm waarin 'n psalm aangebied word, is poësie. Die psalms is poësie wat ervarings in 'n kompakte (verdigte, let op die woordspel met gedig) vorm uitdruk. 'n Gedig het 'n gevoelvolle stemming wat anders is as by prosa, 'n gedig is bondiger, meer gedronge, vaer as prosa, daar is 'n dimensie in die boodskap van 'n gedig wat 'n mens bly ontglim sodat 'n mens 'n gedig weer en weer kan lees. Dit het waarde om die psalms te lees as poësie. In die digterlike taal van die psalms vind ons dit wat ons dalk moeilik vind om onder woorde te bring – ervarings van ontredding, ontwrigting, verlies, angs, bekommernis, dood.

'n Psalm is 'n gebed

Psalms is gerig tot God. Psalms is gebede. Die psalm-gebede is waarskynlik hardop in die openbaar uitgespreek. In die gebede vertolk die psalmis sy verhouding met die Here. Dit kan 'n persoonlike gebed wees waarin die Here geloof word vir wat in die individu se lewe gebeur het of dit kan ook 'n klag teenoor die Here wees vir persoonlike lyding en beproewing wat die psalmis verduur. Die psalmis kan ook die groot dade van verlossing wat die Here bewerk het in die geskiedenis van die volk besing of nasionale rampe soos byvoorbeeld die ballingskap betreur.

Die wye spektrum van ekstasiese vreugde tot diepe terneergedruktheid word dus aangetref in die gebede wat gebid word in die psalms. Die psalms bied persoonlike en tegelykertyd ook universele menslike belewenisse wat tussen pole van liefde en haat, veragting en waardering, smart en vreugde, twyfel

en sekerheid onder woorde gebring en teenoor God uitgekreet word. Die psalms help ons om te bid in Covid-tyd juis wanneer ons nie altyd weet wat om te bid nie.

'n Psalm is 'n lied

Die woord wat ons ken as "psalms" is 'n Griekse woord wat op 'n term dui van liedere wat begelei word deur 'n snaarinstrument. Die Griekse vertaling van die Ou Testament noem die bundel dan ook "Psalmoi" wat met die benaming in Lukas 24:44 ooreenkom. Dieselfde benaming kom ook voor in die vorm "die boek van die Psalms" in Lukas 20:42 en Handeling 1:20. Die Hebreeuse naam vir die Psalmbundel is ook 'n term wat met "lofliedere" of "lofgesange" vertaal kan word.

In Afrikaans word die Hebreeuse woord "mizmor" wat in die opskrif van 57 psalms voorkom, ook met "psalm" vertaal. Die woord "mizmor" beteken "lied" wat gewoonlik met snaarinstrumente begelei is. Verdere aanduidings dat die psalms liedere is wat bedoel is om gesing te word, is die verwysings na musiekinstrumente wat in die Psalmboek gevind word: 'n lier (Ps 33:2); harp (Ps 57:8); 'n horing en trompet (Ps 47:5); simbale (Ps 150:4) en 'n drom of tamboeryn (Ps 149:3). In die opskrifte van sommige psalms vind ons ook 'n aanduiding dat die psalms liedere is wat bedoel is om gesing te word. In Psalm 22:1 staan daar byvoorbeeld "... op die wysie van". Die term "sela" wat in 39 psalms voorkom, is waarskynlik ook 'n musikale term wat 'n pouse (intermezzo) aandui.

Psalms is dus ook bedoel om gesing te word. Daar is aangrypende omgigtinge van die Psalms in die Liedboek wat gerus meer gesing kan word saam met medegelowiges. In die saamsing van die geloofstaal van die psalms sit daar ook geloofsversterkende krag. Dit was Luther wat gesê het "die Psalms is die boek vir alle heiliges, vir elkeen, wat sy omstandighede ook mag wees, hy sal vind dat daar in daardie situasie vir hom Psalms en woorde sal wees wat hom sal pas asof hulle daar geplaas is net vir sy besondere omstandighede, sodat hy dit self nie beter kon verwoord nie."

Kom ons lees, bid en sing die Psalms – juis in 'n tyd soos hierdie.

► Prof SD (Fanie) Snyman is afgetrede dekaan en navorsingsgenoot verbonden aan die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat.

“Die psalms help ons om te bid in Covid-tyd juis wanneer ons nie altyd weet wat om te bid nie. In die opskrifte van sommige psalms vind ons ook 'n aanduiding dat die psalms liedere is wat bedoel is om gesing te word.”

‘Ek droom altyd ek loop weer’

CONETTE LE ROUX

“**H**oekom het jy my gered? Waarom het jy my nie maar laat gaan nie? Dan sou ek nie so ’n las vir jou en die seuns gewees het nie.”

Merentia Cronje van Secunda sê wanneer die pyn haar kasty en haar emosies haar soms onderkry, en sy boonop sien hoe die hele situasie haar man oorweldig, vra sy dié donker vrae.

Afhanklik

Dit is nou sowat agt maande sedert ’n glykabel- (oftewel “zipline”) ongeluk dié 32-jarige ma van drie sonder die gebruik van haar bene gelaat het.

“Ek het nie net die gebruik van my bene verloor nie,” vertel sy, “ek het ook soveel ander dinge verloor. Ek moes my daaglikse roetine wysig. Ek moes die

manier waarop ek as vrou, ma en werkende mens gefunksioneer het drasties verander.”

Vroeër was sy ’n veiligheidskoördineerder by Sasol; tans verrig sy administratiewe take van die huis af.

Dit is steeds vir haar ’n skok om elke dag te beleef hoe dié dinge wat sy voorheen as vanselfsprekend aanvaar het – om kos te maak, om te strek om iets van ’n kas af te haal, om haar bekende roetine in die badkamer te hê – eensklaps heel anders daar uitsien.

“Die heel grootste aanpassing is om ’n afhanklike te wees,” vertel sy.

Trauma

Merentia en haar man Jaco (37) en hulle drie jong seuns het op 26 Desember 2020 by Tsitsikamma Falls in die Oos-Kaap die glykabels aangedurf.

Haar seuntjie Janco, wat aan haar vasgemaak was, het die trauma van naby beleef toe een van die kables Merentia getref en haar rugsenuwees afgesny het.

Merentia vertel: “Sedertien bid Jaco, een van ’n vyfjarige tweeling, elke aand: ‘Liewe Jesus, maak asseblief vir Mamma gesond, haar bene en haar kop.’

“Ek dink hy verwys na my kop,” sê sy ma, “omdat ek kort nadat die kabel my getref het my bewussyn verloor het en my kop toe agtertoe gekantel het. Hy onthou hoe Pappa vir Mamma geslaan het om by te kom. En hoe hy gehuil het en ek nie met hom gepraat het nie.”

Jaco het om hulp geroep nadat hy gesien het dat die kabel sy vrou getref het. Een van die werknemers by Tsitsikamma Falls het Merentia gaan haal en na ’n platform gebring. Jaco en die seuntjies is ook van die glykabels ge-

haal. Volgens die nuuswebwerf *Maroela Media* het Jaco 15 minute lank probeer om Merentia by te bring deur kardiopulmonêre resussitasie (KPR) toe te pas, voordat ’n ander man by hom oorgeneem het.

Genadiglik het sy begin asemhaal. Dit het wel baie lank geduur voordat sy mediese hulp kon kry. Hulle moes sowat ’n uur en ’n half op die ambulans wag, en daarna het dit nog ’n uur en ’n half geduur voordat sy by die Plettenbergbaai MediClinic aangekom het.

Merentia is in Maart vanjaar, nadat sy ook ’n tydperk in ’n revalidasiesentrum deurgebring het, in ’n rolstoel huis toe. Volgens haar dokter is daar nie ’n kans dat sy weer sal loop nie.

“In die hemel, maar ...”

“Ek bid dat ek ook dié wonderwerk sal kan ervaar. Ek weier om my omstandighede as parapleeg te aanvaar. Ek droom altyd ek loop, nooit met ’n rolstoel nie ... Ek klou vas. En mag dit my laat aanhou glo en vertrou. Dankie, Here, vir wonderwerke soos dié.”

Oor haar onwrikbare geloof sê sy: “Ek vind nie in die Bybel ’n vers wat verwys na ‘jy sal met ’n rolstoel na My toe kom nie’. Ek lees van loop, stap, voete soos ’n ribbok ... Hoe kan ek dan nie glo nie?”

“Ek weet wel dat as ek hemel toe gaan my twee bene sal beweeg, maar ek het net té veel hoop om te aanvaar dat ek die res van my lewe op aarde van die rolstoel afhanklik sal wees. Dit kan nie!”

“En terwyl ek vashou aan die mostersaadgeloof, doen ek vir ander wat ek kan. En ek koester veral my passie – diere.”

Dankbaarheid

Merentia vertel hoe die Here se genade en die mense wat Hy in haar lewe geplaas het haar deur elke dag dra.

Net verlede jaar het haar skoonouers by hulle kom woon nadat haar skoonpa sy werk verloor het. Sy vertel: “Hulle help my besonder baie. Onder meer met die kinders se vervoer skool toe en terug, asook met saans se etes.”

Sy is ook baie dankbaar vir ’n goeie vriendin soos Annetjie van Rooyen. “En vir my sussie, Carmen Fourie. Annetjie besoek my gereeld – en sonder dat sy dit noodwendig agtergekom, laat sy my lag dat die trane loop! My sussie kom kuier ook gereeld en praat my moed in.

“Ek het ook baie spesiale mense in dié tyd leer ken, mense wat soortgelyke mediese probleme as ek het. Hulle bemoeidig my, stuur Bybelverse, deel hulle hartseer met my. Hulle getuig ook van wonderwerke.”



“**Ek bid dat ek ook die wonderwerk om weer te kan loop, sal kan ervaar. Ek weier om my omstandighede as parapleeg te aanvaar. Ek droom altyd ek loop, nooit met ’n rolstoel nie ... Ek klou vas. En mag dit my laat aanhou glo en vertrou.**”



Die Cronje-gesin geniet hulle vakansie voor die ongeluk plaasgevind het.

Foto's: Verskaf

Merentia se ma, Magda de Lange van die Oos-Kaap, stuur ook daaglikse woorde van bemoediging of bel om haar dogter moed in te praat.

Merentia vertel wat groot hulp haar drie seuntjies is – Janco (5), Dihan (5) en Luhandré (3). “Hulle moes baie vinnig grootword, selfstandig word. Hulle moet soveel meer vir hulleself doen as ander kinders van hulle ouderdom. Dit maak my hartseer.

“Maar ek is bitter trots op hulle, én op die wyse waarop hulle my ondersteun. Hulle help om dinge aan te gee, hulle kyk of die winterkomberse my mooi toemaak, hulle help as ek my pille moet drink.

“Wow! Daar is niks wat meer opreg is as ’n kind se woorde en daede nie.”

Merentia se boodskap aan ander wat voor groot struikelblokke te staan kom? “Rig jou oë op die berge. Praat met die Here. Doen wat jy kan vir jou medemens.

“Dis so verrykend om ander te help! En ek bid dat mense deur ons daede sal besef dat daar baie erger dinge in die wêreld is. Om te kla, los niks op nie. Moenie die duiwel ’n plek gee aan die tafel wat die Here vir jou voorberei het nie. Ons het sóveel om voor dankbaar te wees.

“Moet nooit ophou bid vir ’n wonderwerk nie. Dokters is ook net mense. Moenie opgee nie; hou aan glo. Leef dag ná dag, en sê ‘dankie, Here’ vir elke nuwe dag wat jou gegun word.”

- Merentia se sussie het ’n back-a-buddy-rekening, “Merentia Cronje”, geskep wat met die mediese uitgawes moet help.
- Dié artikel het oorspronklik by www.lig.co.za verskyn.

Help KZN-hulpfonds meer as miljoen redes vir dankie sê

HELÉNE MEISSENHEIMER

Honderde kospakkies is reeds uitgedeel en nou, met die Help KZN-hulpfonds oor ’n R1 miljoen sterk, sal die NG Kerk in KwaZulu-Natal meer aansoeke om hulp kan uitbetaal.

“Dit is vir my lekker om julle in te lig dat ons vanoggend die R1 000 000 (miljoen) merk verby gesteeek het. Daarmee saam is dit vir ons ’n voorreg om al meer aansoeke vir verligting te begin oorweeg en uit te betaal,” skryf ds Francois Maritz verlede week per WhatsApp.

Die Algemene Sinode, gemeentes, ander instansies en individue van regoor die land het bydraes tot die Help KZN-hulpfonds gemaak. Gemeentes in die George-omgewing het ’n 8-ton vragmotor met kos en noodvoorraad opgestuur. Gemeentes het afsetgebiede geword vir kospakkies en selfs bevrore hoender, berig *Die Posduif*, nuusblad van die NG Kerk in KZN.

In Pietermaritzburg het Susan Kruger en haar span by die Christelike Maatskaplike Dienste-kantoor te hore gekom dat die McLaren Sirkus in die nood is. Al hulle optredes is gekanselleer, maar die werkers het uit hulle eie sak steeds vir die diere wortels en appels gekoop selfs al het hulle nie hulle volle salarisse ontvang nie.

Dr Jamie Rheeder van NG Kerk Hayfields het gehelp met kospakkies en daar is ook voer vir die diere aangekoop. By hulle aankoms by die sirkusterrein, het die een kameel met die ruik van die hooi, dadelik een van die bale hooi oopgeskeur en begin vreet terwyl die ander een bo-op van die bale gaan lê het, berig *Die Posduif*.

“Dit was wonderlik om te kon help en die waardering van die personeel was wat dit die moeite werd maak. Alle eer aan ons Vader wat alles moontlik maak,” sê Kruger.

Dit gaan tyd vat om die skade van miljarde rande aan plaaslike nywerhede en besighede te herstel. Marais skryf in die groter voorstedelike gebiede kan mense weer soos normaalweg kos koop, maar op meer afgeleë gebiede is kos peperduur of baie skaars. “Op die oppervlak sal dit lyk asof alles weer terug is na pandemiernormaal. Vra ’n mens ’n bietjie uit sal daar vinnig agtergekom word dat die angs en spanning vlak lê in almal se gemoed.”

Dit is egter die ervaring van hoe mense oor grense heen na mekaar uitreik wat hoop gee vir baie plaaslike gelowiges. “Waarop die lig moet skyn



BO: Die blydschap op die gesigte vertel hulle eie storie van blydschap oor die verligting wat deur die NG Kerk in KZN se Help KZN-hulpfonds moontlik gemaak word.

ONDER: Die werknemers en die diere, soos dié kamele by die McLaren Sirkus, was baie bly oor die kospakkies en voer wat hulle gekry het.

Foto's: Verskaf



en wat raakgesien moet word, is hoe die meerderheid mense hande vat en nader aan mekaar staan. Juis as gevolg van die krisis word dieper verhoudings gebou en word daar intensieel nader aan mekaar geleef,”

skryf Marais.

Vorms om aansoek te doen om hulp uit die fonds kan afgelaai word by <http://kzn.ngkerk.net/2021/08/06/helpkzn-hulpfonds/>. E-pos dit aan ds Nola Malan by nolamalan@gmail.com.

'n Tyd om te praat

MARILEEN STEYN

In 1989 vertel Disney die verhaal van 'n 16-jarige meermin wat op 'n prins verlief raak. In 'n poging om die prins se hart te wen, ruil sy haar stem vir twee bene. Die seeheks swaai haar heupe verleidelik wanneer sy die meermin troos dat haar lyftaal immers al is wat sy nodig het om die prins te kry om haar te soen. Om 'n vrou-mens te wees, het van Ariel in *The little mermaid* gevra om haar stem prys te gee.

Augustusmaand het aangebreek en daarmee saam, Vrouemaand. Op 9 Augustus 65 jaar gelede het derduisende vroue hulle lyftaal gebruik om kapsie teen die apartheidswette van die tyd te maak. Van oraloor het hulle hulle lyf voor die Uniegebou in Preto-

ria gaan plaas as 'n teken van protes. Dit was 'n bewys dat nie alle lyf-taal verleidelik hoef te wees nie. Lyf-taal kan transformerend wees. Vir 'n halfuur het die vroue doodstil gebly, hulle stem tydelik prysgegee en daarmee harder gepraat as wat al daardie stemme saam sou kon doen. En toe: "Nkosi Sikelel' iAfrika."

Kenner sê dat nie-verbale kommunikasie die oorgrote persentasie van kommunikasie uitmaak. Tog blyk dit of die samelewing blind is vir die lyftaal van vroue. Hoeveel lyke moet gevind word, hoeveel blou kolle verskyn, voordat die gesprekke rondom vrou-wees en vroue se plek in die samelewing ernstig opgeneem word? Hoeveel vroue se liggame moet die speelgrond van emosionele en fisiese

geweld word voordat daar nie meer gevra word hoekom Vrouemaand nodig is nie?

Die Prediker herinner dat daar 'n tyd is om stil te bly en 'n tyd om te praat. Vrouemaand is 'n tyd om te praat. Daar waar lyftaal alleen nie die boodskap oorkry nie, is dit tyd vir woorde. Dit is onder andere wat hierdie kolom wil doen. Vir die volgende vier weke gaan hierdie kolom daarop fokus dat ons praat. Ons gaan luister na die stemme van studente en tieners en ons wil ook gemeentes en ouers help om te dink oor hoe hulle ander kan help praat.

Lyftaal wys nie net wanneer ons praat nie, maar dit help ons ook om te luister. Dit is om jou oor na iemand te draai, jou voete in hulle rigting te laat



kyk. Die uitnodiging is aan mans en vroue om die volgende maand in besonder hulle lyf die praatwerk te laat doen soos wat hulle nader skuif om te luister na die stemme van vroue. Dit is tyd om te praat.

● Kerkbode *bied hierdie rubriekreeks aan in samewerking met die Sinode van Wes-Kaapland se Gender Taakspan.*

Voor die Bytjies en die Blommetjies ...

ANNELET SLAZUS

As 'n mens die woorde "liggaam" en "ons moet daarvoor praat" bymekaar sit, slaan die meeste mense uit in 'n koue koors. Jy begin bewe en dalk kom daar selfs een of ander traumatiese herinnering op van hoe jou ouers of onderwysers met jou gepraat het oor ... ja, jy het reg geraai, die gevrese onderwerp van die bytjies en die blommetjies.

Dit is tyd om te praat. So sluit die Vrouemaand-artikel deur Marileen Steyn af (sien hierbo). In die lig van Vrouemaand vier ons ook ons liggaam. Liggame wat verskillend lyk. Liggame wat verskillende dinge kan doen. Liggame wat verskillend groei en ontwikkel en dit is tyd dat ons daarvoor praat.

Maar hierdie praat gaan nié oor die bytjies en blommetjies nie. Dit is 'n praat wat lank voor die praatjie oor die bytjies en blommetjies moet gebeur. 'n Praat van: "Hoe gesels ek met my kind oor hulle liggaam en die liggame van ander?"

Openlike kommunikasie oor doodgewone dag-tot-dag vrae en probleme oor hulle liggaam, bied later 'n goeie grondslag vir moeiliker gesprekke, en ons weet daardie gesprekke gaan die een of ander tyd moet plaasvind.

Ons is geneig om te fokus op die veranderinge tydens puberteit, maar net soos wat ons voortdurend besig is om

ons kinders te help, te leer en te herinner aan dinge soos tandeborsel en hoe ons moet optree as kinders by die skool ons spot, moet ons ons kinders ook voortdurend help, leer en herinner om goed te voel oor hulle liggaam en hulle eie, maar ook ander se liggaam veilig te hou.

Die hoop is dat gesprekke oor liggaamsveiligheid oop en deurlopend sal wees. Ouers moet nie net een keer "die praatjie" met hulle kinders hê nie, maar veelvuldige, natuurlike gesprekke oor tyd, sodat kinders weet dat dit veilig is om oor hierdie onderwerpe te praat.

En as jy nie weet waaroor om te praat nie, mag die volgende onderwerpe jou dalk help.

- Praat oor "veilige" en "onveilige" aanraking eerder as "goeie/soet" of "slegte/stoute" aanraking. Dit verwyder die skuldgevoel van die kind en help ook dat hulle nie bang is dat hulle in die moeilikheid gaan kom omdat hulle iets stouts gedoen het nie. Dit help ook dat kinders nie morele onderskeid hoef te maak tussen wat gepas is en nie gepas is nie.
- Gebruik ouderdomsgeskikte bewoording. Jy kan liggaamsveiligheid bespreek sonder om seksualiteit te bespreek. Leer jong kinders dat niemand aan hulle mag raak op 'n manier wat hulle ongemaklik laat voel nie. So mag hulle ook nie aan

ander raak op 'n manier wat hulleself of die ander persoon ongemaklik laat voel nie. 'n Goeie manier is om te vra voor jy aan iemand raak, byvoorbeeld: Mag ek maar vir jou 'n drukkies gee? Moet jou kinders ook nie dwing om familieledes te druk of te soen as hulle nie wil nie. Gee ander opsies soos 'n "high-five".

- Saam met die liggaamsveiligheid is dit ongelukkig ook nodig om kinders te herinner dat niemand aan enige deel van hulle lyf mag raak wat deur hulle swembroeke toegemaak word nie en dat hulle nooit iemand anders in hierdie omgewing mag aanraak nie, of dat hulle nie na foto's of films moet kyk wat die areas wys nie.
- Leer die verskil tussen gesonde en ongesonde geheime. 'n Voorbeeld is dat 'n verrassingspartytjie 'n goeie geheim is om te bewaar, want dit sal mense gelukkig maak en op die regte tyd vertel word. Geheime aanraking of om permanente geheime vir ouers of versorgers te bewaar is nie goed nie.
- Laat jou kind vyf mense noem met wie hulle kan praat as iemand hulle op 'n onveilige manier aanraak. Kinders is dikwels bang om hulle ouers te vertel uit vrees vir straf (of as gevolg van 'n dreigement deur 'n oortreder), daarom is dit belangrik dat jou kind weet dat hulle ander



vertroude volwassenes kan vertel. Herinner jou kind dat hulle moet aanhou vertel totdat iemand hulle help.

- Leer kinders die regte name van liggaamsdele, sodat as hulle onvanpaste aanraking openbaar, dit duidelik sal wees waarvan hulle praat.
- Gesels gereeld oor hierdie veiligheidsgesprek. Kinders leer deur herhaling.

So, haal asem, maak 'n lys van dinge wat vir jou belangrik is om by jou kind vas te lê en herinner jouself en jou kind dat alhoewel ons liggaam verskillend lyk, verskillende dinge kan doen en verskillend groei en ontwikkel, dat ons nooit skaam hoef te wees oor ons lyf nie, en nooit iemand anders skaam moet laat voel oor hulle lyf nie.

En as ons dit gereeld en openlik doen, mag ons dit dalk net regkry om nie meer so bang te wees om te begin praat nie.

● *Ds Ananalet Slazus is predikant by die NG gemeente Boesmanland op Springbok.*

Kerkwees gaan oor gedeelde gebrokenheid

God het nie regtig hande nie, maar vir die bekroonde skrywer en teoloog dr Lisel Joubert is die woorde, die metafoer, dat sy in die palm van die Here se hand is, dieselfde hande waarmee Hy haar geskep het, genoegsaam, skryf Heléne Meissenheimer.

Ons ontmoet om oor Joubert se jongste boek, *Woorde: God Drie-enig in ons taal: 'n Bybelwerkboek*, te gesels. Maar sy is ook intussen aangestel as dosent in kerkgeskiedenis by die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch. So daar is baie om oor te praat op hierdie koue, winderige oggend op Hermanus.

Binne die NG Moederkerk se witgepleisterde ou Sondagskoolgebou, wat baksteen vir baksteen 'n klipgooi van die Ou Hawe-museum herbou is, verduidelik Joubert hoekom sy dink dit is van tyd tot tyd nodig om ook die metafore, waarin ons oor God praat, te herbesoek en soms radikaal nuut te verpak.

“Woorde skep werklikhede. Woorde skep werklikheid. Woorde bepaal my wêreldbeeld ... my selfverstaan ... woorde bepaal my Godsverstaan,” sê Joubert met haar sagte brei-stem. Sy is geklee in 'n fluweelbaadjie en jeans waar ons sit by 'n swaar eetkamertafel van donkerhout omring met mure gevul met geraamde swart-en-wit foto's uit dié Overbergse kusedorp se verlede.

Sy dink 'n bietjie na. In die stilte is sagte voëlgewetter hoorbaar en soms stemme, maar ons is te ver om die gedreun van die branders teen die kranse te hoor.

“So as ek sê 'ek is klei in God se hande' of as ek sê 'die Ou Man daarbo het nou weer so iets gedoen' is dit twee beelde en dit maak 'n *massive* verskil hoe ek reageer, hoe ek optree teenoor ander mense ... my oë toemaak in die nag.

“Die feit dat jy in pastorale situasies met mense sit wat nou nog dra aan die las van woorde wat 30 jaar terug vir hulle gesê is ... woorde het mag,” sê dié leraar wat self vir haar roeping as predikant aan die ontvangkant was van meer kritiek as ondersteuning.

Dit het byna 20 jaar geneem sedert sy haar DTh by Stellenbosch voltooi het tot sy in 2016 in haar eerste voltydse pos as medeleraar by Gansbaai-gemeente aangestel is. In haar eie woorde was Lisel “meer werkloos in die kerk op papier, maar tussenin was ek altyd maar betrokke en dominee in mense se oë met of sonder amptelikheid”.

“Dit het baie jare gevat om te begryp ek het 'n stem en ek maak 'n verskil,” skryf sy in *Randfigure: Stemme van toe tot nou*, 'n boek wat verlede jaar verskyn

het. Sy en mede-redakteur Isabel Murray het ure in die kerkargief deurgebring om in hierdie pragboek 'n stem te gee aan van die sendelingsvroue uit die Victoriaanse tyd. Lisel dien op die Sinodale Argief Taakspan en deel van haar nuwe pos as dosent by die Teologiese Fakulteit behels verdere argiefnavorsing, want daar is nog baie ander “randfigure” wie se verhale wag om vertel te word.

As iemand wat hou van krities dink, lees sy “'n klomp goed” wat sy dan graag weer oordra vir haar lidmate ... “of dit nou is deur 'n preek of 'n Bybelskool of 'n boek wat ek skryf, ek glo net nie ek moet die goed self hou nie,” sê sy.

In 2015 het Lisel die Desmond Tutu-Gerrit Brandprys vir haar debuutwerk *Ontmoeting met heiliges* ontvang. Daarna het gevolg *God van die woestyn: 'n Ruimte van ontmoeting, verrassing en hoop* (2015) en *Mosaïek van Maria, Miriam van Nasaret: Ingeweef in God se verhaal* (2018).

Op die vraag hoe pas 'n voltydse predikant en ma van twee tieners die skryf van vele boeke in by haar vol program, vertel sy ongeërg dat dit nie so erg is as wat dit klink nie. Haar man Deon boer naby Franskraal en haar kinders was al op koshuis en net naweke tuis met een hierdie jaar al op universiteit. “My man het my nog altyd ondersteun,” voeg sy by.

Die ‘nuwe’ covid-normaal beteken ook sy kan vir haar nuwe pos meeste dae van die huis af werk en hoef net 'n paar dae per week op Stellenbosch te wees. Sy doseer Kerkgeskiedenis al 'n paar jaar, 'n vak waarvoor sy hartstogtelik lief is, want sy sê daarin het sy 'n skatkis van kerktradisies ontdek wat oor 2 000 jaar opgebou is.

Sy is bly daar is deesdae al hoe meer 'n herwaardering en herbesoek vanuit 'n Protestantse lens na die mistiek soos beoefen deur die vroeë kerk. Lisel verduidelik mistiek in dié konteks beteken om saam met ander gelowiges in aanbidding en gebruik van die sakramente iets van die misterie van God te beleef. Dit dui nie op 'n individualistiese alleen-ervaring nie, want daarmee het sy 'n probleem.

“Ek dink die erediens moet my interafhanklikheid van die ander bevestig. Ek moet nie eintlik kerk toe gaan vir myself nie



Dr Lisel Joubert is bly daar is 'n herwaardering en herbesoek aan sommige van die tradisies van die vroeë kerk byvoorbeeld die 'skryf' van ikone soos hierdie twee wat sy 'n paar jaar gelede voltooi het. Foto: Verskaf

– ek gaan kerk toe vir die ander ... ek ervaar ons is hopeloos te individualisties vandag. As 'n ding my nie meer pas nie, loop ek. As ek nie iets kry nie, loop ek. Dit gaan glad nie oor my nie – ek gaan kerk toe vir ander mense, soos iemand gesê het sodat ek nooit vergeet ek is nie alleen nie ... ek is nie alleen op weg nie.”

Sy glo die kerk gaan oor gedeelde gebrokenheid. “As ek nie die gedeelde gebrokenheid kan sien nie, dan kan ek nie simpatie hê nie en kan ek nie solidariteit hê nie, kan ek nie kerk wees nie. Dit is maar hoe ek kerk sien.”

Soos haar tieners wat in Januarie tydens die inperking vir haar gesê het hulle mis die tannies van die kerk wat vir hulle sê “joe, jy het grootgeword!” wat hulle gewoonlik geïrriteer het ... “mense kom kerk toe om mekaar te sien”.

Dit is vir haar baie makliker om te sê hoekom sy nog gereformeerd is as hoekom sy nog in die NG Kerk is, maar sy reken die *issues* wat die kerk het is nie uniek tot hierdie denominasie nie ... “almal het dieselfde *issues*”.

“Ek glo nogal aan die spesifiekheid van roeping ... ek glo nogal jy is waar jy is. Ek gaan nie loop nie, want dan dink ek miskien ek is beter,” lag sy, “want ek is nie. Ons is almal *sinner*s en *broken* en al daai *stuff*. So, wie is ek om te dink ek is te goed vir dié tradisie?”

Só, terug by kerk en hoe ons oor God praat. “Die gereformeerde tradisie sê *semper reformanda* ... ons besoek dit oor en oor,” sê Lisel. Na haar mening is

dit heeltemal ongereformeerd om met 'n klipverstaan te werk, en sy glo dit beteken ook ons moet soms die woorde waarmee ons oor God praat herbesoek, want soms raak ons so gewoon aan dieselfde frases oor en oor gebruik dat hulle hulle impak verloor, clichés word. Asof ons God probeer mak maak terwyl party van die mistieke tradisies vir jou sal sê God is anderkant woorde.

“Ek wil net hê dat ons wegkom van die plek waar ons woorde oor God in klip gegiet is ... ek dink nie die kerk is die plek waar ons woorde oor God wat in klip gegiet is net 'aan *pass*' van die een *generation* na die volgende nie. Kerk is die plek waar ons die woorde wat ons het oor God oopbreek, dit as metafore sien, lewend en dinamies en vra maar wat beteken dit vir my vandag dat God goed is of dat God my Vader is?”

En wat as 'n bepaalde metafoer jou ongemaklik maak? Soos om te sê God is ook ons moeder? Joubert meen jou eerste reaksie moet wees om jouself af te vra: Maar hoekom pla dit my?

“Want in my gesprek met myself gaan ek heel moontlik op 'n plek kom waar ... my gesprek met my ongemak 'n groeigesprek gaan wees.”

● Meer oor *God Drie-enig in ons taal: 'n Bybelwerkboek*, deur Lisel Joubert: Joubert beskryf dit as 'n interaktiewe boek wat op 'n kreatiewe manier die getuienis wat van God in die Bybel is herbesoek. Elke dag het 'n Skriflesing, 'n opdrag en agtergrondskennis oor die teks. Sy gee self die werkboek uit met die kleurvolle voorblad wat deur een van haar kinders geteken is. Die boek kos R100 (posgeld uitgesluit).

● As jy die boek wil bestel, stuur 'n e-pos na Lisel by lisel@kingsley.co.za.



'n Baanbreker kyk terug

Dr Gretha Heymans is op 20 Maart 1994 gelegitimeer as die eerste vroueleraar van die NG Kerk. Sy vertel onder in haar eie woorde haar lewensverhaal.

In my finalejaar belydenisklas het ek skielik begin worstel met die vraag: Hoekom kan daar nie vrouepredikante wees nie? Op die dorp waar ek op daardie stadium was, was twee gemeentes en ek het by albei predikante 'n draai gaan maak oor die vraag. Die een het gesê: "Vergeet daarvan, jy sal nooit 'n predikant kan wees nie, omdat jy 'n vrou is." Die ander een het gesê: "As die Here jou roep vir 'n predikant, moet jy gehoorsaam wees. Jy kan watter draaie loop, Hy sal jou terugbring." Die gedagte het al sterker in my gegroei. Ek wou eintlik medies swot, maar die een deur ná die ander het toegegaan vir medies en ek het al meer begin voel die Here roep my vir die bediening.

Op daardie stadium was al die ampte net vir mans in die NG Kerk. Al wat ek op daardie stadium geweet het, is dat ek 'n dominee wou wees en dat ek met jongmense wil werk, want ek het geglo as jy vroeg genoeg probleme in jongmense se lewe optel, kan hulle gelukkige volwassenes wees.

Yolanda Dreyer-Papp is in daardie tyd bevestig as eerste vrouepredikant in die Hervormde Kerk. Ek het haar loopbaan gevolg sover ek kon.

“Ek is 'n introvert. Ek het nooit met iemand begin redeneer oor die vrou in die amp nie. Ek sou altyd na die ander persoon se storie luister. Ek was/is nie 'n feminis nie. Ek het nie gekies vir daardie pad nie. Ek het ook besluit ek gaan nie soos 'n man word nie. Ek wil 'n 'vroulike' predikant wees.”

In Januarie 1980 skryf ek saam met 80 manne in vir die graad BA-Admissie. Natuurlik was my oë vol sterre, natuurlik was daar opgewondenheid, tot die eerste manstudent vir my vra: Wat soek jy hier? My lugballon het gebars. Watse vraag is dit? Ek is mos oor dieselfde rede as hy hier. Die vraag moes ek baie beantwoord. Die antwoord is eenvoudig: Die Here het my geroep om predikant te word. Gewoonlik dan stilte.

Ek het naïef geglo dat predikante wat elke Sondag die wet van liefde voorlees dit seker ook leef, maar hier het ek niks ervaar van liefde nie. Dit het vir my gevoel ek is tussen die mees liefdelose mense. Predikante. Tussen mense wat sê hulle dien die Here. Vir sy diens geroep is.

So het die klasse begin. In die Grieks, Hebreeus en Wysbegeerte se klasse was baie manne en een vrou. Op een of an-

der manier kon die dosente van die vakke die teenwoordigheid van 'n vrou hanteer, maar vir seker het jy altyd uitgestaan. Dit was 'n eensame pad. Daar was niemand in die koshuis wat kon help met die Grieks, Hebreeus en Wysbegeerte nie. Die manne kon dit saam uitwerk. So het 'n eensame pad begin wat ek later besef het nie net in sekere vakke eensaam sou wees nie, maar 'n stuk eensaamheid sou word wat baie dieper lê, wat deel van jou menswees sou word.

Ek het later vriende gehad onder die manne (onder andere die een wat vir my gevra het wat maak jy hier). Baie gou het ek agtergekom as jy wil deelneem aan 'n mangesprek, beredeneer jy dit met feite. Jy dink nie emosioneel daarvoor nie. Nee, sussie, feite! Ek het wonderlike mansvriende gehad. Baie van hulle het die volle sewe jare bankvas agter my gestaan en langer.

Ek is 'n introvert. Ek het nooit met iemand begin redeneer oor die vrou in die amp nie. Ek sou altyd na die ander persoon se storie luister. Ek was/is nie 'n feminis nie. Ek het nie gekies vir daardie pad nie. Ek het ook besluit ek gaan nie soos 'n man word nie. Ek wil 'n "vroulike" predikant wees.

Maar altyd die vraag: Hoekom swot jy teologie? Elke keer as dit moeilik gegaan het, het ek aan my roeping vasgehou met die paar woorde in 1 Tessa-lonisense 5:24b: "Hy wat roep is getrou". Elke keer as ek nie weet watter kant toe nie en ek wou tou opgooi, was dit my roeping en hierdie paar woorde wat my gedra het.

Die besef van "eerste vrou" wees by die NG Kerk se Teologiese Fakulteit in die Vrystaat tref my skielik. Ek het altyd gevoel hoe ek optree, sal vir jare ná my die vroue beïnvloed wat na hierdie fakulteit toe kom.

Daardie tyd moes studente netjies klas toe kom. Die mans moes dasse dra en 'n langbroek. Ek het nooit langbroeke klas toe gedra nie, altyd bloese en rompe, en in die winter sykouse daarmee saam. As die mans 'n pak moes dra, het ek 'n formele kerkpakkie gedra, want netnou benadeel ek dié na my met my kleredrag.

In die klasse sal die dosente begin met "Broers ..." en dan gaan die klas aan. Die laaste vyf minute van die klas word daaraan gewy dat hulle my as "broers" aangespreek het en nie "suster" ook nie. Maar ek moet verstaan dat hulle my nie uitsluit nie, dit is maar net 'n gewoonte.

Daar was ook 'n dosent wat my eendag ingeroep het kantoor toe. Hy het my reguit in die oë gekyk en gesê: "Ek is teen die vrou in die amp. Ongelukkig kan ek niks aan jou doen nie, want jy volg 'n akademiese graad aan 'n universiteit, maar hier is 'n afskrif van my intreerede – dit handel oor die feit dat vroue nie as predikante toegelaat moet word nie." Ek was totaal verslae. Ek het nooit met mense geredeneer of die vrou in die amp moet wees of nie, want ek het met my hele hart geglo vroue kan. Toe ek die dag daar uitstap, toe wonder ek: Werk die Heilige Gees net in manne se lewe? Roep die Heilige Gees net manne vir die besondere ampte? En die alleenheid? Met wie kan ek praat, wie kan vir my leiding gee? Na wie kan ek opkyk om te sien hoe moet ek die goed hanteer? Weer die besef jy is menslik alleen op die pad. Sorg vir jouself. Sterk wees, sussie.

Daar was ook die dosent wat vir my soos 'n pa was. Wat vir geen oomblik getwyfel het dat ek 'n plek in die kerk het nie. Hy het my ook gehelp dat ek 'n proefpreek kon lewer toe almal in die klas kon, behalwe ek, want ek is 'n vrou.



"Die Here het my geroep om predikant te wees," is dr Gretha Heymans se antwoord op die baie keer wat sy gevra is "Wat maak jy hier?" as die NG Kerk se eerste vrouepredikant.

Foto: Verskaf

“Al was daar glo voor die tyd opmerkings oor ’n vrou wat kom, dink ek baie mense is stil gepreek, want die Here het my geseën as goeie prediker.”

Op 3 Augustus 1986 lewer ek my proefpreek in die NG Kerk op Petrusburg. Die arme dosent moes daarna baie mooi aan die dekaan verduidelik hoe hy so iets kon doen.

In 1986 moes die mans drie weke prakties in ’n gemeente doen. Ek wou ook, maar skielik is die suster weer ’n probleem – waar gaan ons met haar heen? So beland ek vir drie weke in ’n verpleegsterskoshuis en help die kerklike werkster daar.

Intussen word die vrou as diaken toegelaat.

Ek studeer af in 1986. Ons ontvang ons Nagraadse Diploma in Teologie aan die einde van die jaar. By die geleentheid is ook die legitimasië in die Odeion-teater. Toe ek my diploma kry, vat een van die administratiewe personeel my aan die hand en lei my na agter in die saal dat ek nie “per ongeluk” ook die legitimasië-eed aflê nie. Ek huil sonder ophou omdat my maats dit mag doen maar ek mag nie. Huil sommer oor die swaar van die hele sewe jaar.

Ek kry toe die pos as kerklike werkster in Idahlia, die verpleegsterskoshuis. Dit was ’n gemeente in die klein en ek mag darem in die hospitaalkapel gepreek het. Skielik het alles in plek geval. Ek kon met jongmense werk en iets van die mediese wêreld beleef. Later kon ek in Universitaskerk preek en was ek een van die eerste twee vroue-ouderlinge wat in die gemeente bevestig is.

Die Vrou in die Amp (ouderling en predikant) is op die agenda by die Algemene Sinode gehou in Oktober 1990 te Bloemfontein. Ek het in die besoekersgalerie gesit om die debat te volg: “Wat gaan sy doen as sy ’n man uit die kroeg moet gaan haal? Wat doen sy as ’n man sy vrou slaan? Wat as sy swanger raak? Wat as haar man nie in dieselfde dorp werk waar sy predikant is nie?” En dan die goeie teologiese debatte. Prof Johan Heyns kry die laaste spreekbeurt net voor die teebreuk en al wat hy gesê het, is: “Wie het die opstandingsnuus gaan vertel? Vroue!” Tydens die teebreuk stap een van die predikante na my en sê “ons sal sorg dat dit nie deurgaang nie”. Wat sê jy? Hoe hanteer jy sulke harteloosheid en dit in die kerk waar liefde moet wees?

November daardie jaar is ek gelegitiemeer, vier jaar nadat ek klaar studeer het. Idahlia-koshuis was deel van Universitaskerk-gemeente. Einde 1993 het ek saam met die verpleegsters oorgeskuif

na Kowsiekampus-gemeente. Eindelik gebeur die groot dag. Ek word beroep en op 20 Maart 1994 bevestig as die eerste vrouedominieë in die NG Kerk by Kowsiekampus-gemeente.

Die aand met die bevestiging het 21 mense my die hande opgelê: Oud-studentemaats, dosente, mede-predikante, kollegas. Dit was ’n ongelooflike gebeurtenis. Weer het ek besef ‘eerste’: Hoe moet ek ’n predikant wees as vrou? Wat word van die ‘eerste’ verwag? Wat ter implikasie het my ‘eerste’ wees vir die vroue ná my?

Ek was weer so verskriklik eensaam, alleen. Ek het al baie daarvoor gedink hoe lidmate die kerk beleef. Die kerk was die plek waar ek die seerste in my lewe gekry het. Vir my was dit nooit ’n vangnet waar my wonde versorg word nie. Dit was nie vir my ’n plek van liefde nie, intendeel. Ek gaan seker oor die woorde gekruisig word, maar onthou net, dit is my eie verhaal, my eie subjektiewe belewenis.

In 1989 begin ek met my MTh-studies in die Pastoraat, gevolg deur ’n PhD. Sedert 2009 doen ek deelydsberading, wat ek baie geniet. Daar is niks wat so bevredig as jy iemand kon help en hulle lewensgehalte verbeter nie.

Nog iets wat vir my uitgebou het, was vroue se weerstand teen die vrou as predikant. Hulle het nie noodwendig die saak beredeneer of beveg nie, maar gesê dit voel nie reg nie. Dikwels vernynige kritiek ook van hulle af. Ook daar is ek nie aanvaar nie.

Ek was van 1987 tot 2009 in studentebediëning. In 2010 is ek na die NG gemeente Hobhouse beroep. Dit was lekker om ’n gemeente te hê met ou- en jongmense. Ek was gelukkig daar. Al was daar glo voor die tyd opmerkings oor ’n vrou wat kom, dink ek baie mense is stil gepreek, want die Here het my geseën as goeie prediker. Ongelukkig het die droogte gekom, die boere seergemaak wat eintlik maar die kerk in stand hou en so is my kontrak toe na ses jaar beëindig as gevolg van finansiële redes.

Daarna is ek na Reddersburg, ook ’n plattelandse gemeente. Op 28 Februarie vanjaar het my kontrak na drie jaar verstryk, weer weens finansiële redes. My hart is seer. Ek was nog nooit goed met groet nie. Wat is volgende? Ek weet nie, maar “HY wat roep is getrou...”

► Dr Gretha Heymans bedryf tans ’n pastorale spreekkamer in Bloemfontein en tree op as vryskutprediker.



GASRUBRIEK

Is daar dan net twee strominge in die NG Kerk?

BRAAM HANEKOM

In Sondag (15 Augustus 2021) se Rapport verskyn daar twee briewe wat die narratief verder aanwakker dat daar eintlik net twee strominge in die NG Kerk is. Dit kan die indruk skep dat die NG Kerk eintlik net uit hierdie twee kampe bestaan en tans in ’n stryd gewikkel is oor reg en verkeerd, die siel van die kerk en die hart van ons geloof.

Dat die gesprek aan die gang is kan niemand ignoreer of betwyfel nie. Vir my is die NG Kerk egter veel groter.

Ek is bewus van duisende gelowiges wie se geloof ten diepste gedefinieer word in ’n eenvoudige, noem dit ’n kinderlike liefde vir God, Jesus Christus en die Heilige Gees.

Dit is egter ook ’n geloof wat hulle laat wakker lê, nie oor die gevegte in die kerk nie, maar veral oor die ont-saglike nood buite die kerk.

Dit is ’n stroom lidmate wat God se aangesig en wysheid, nie in die eerste plek oor sinodebesluite soek nie, maar oor wat om te doen in ’n tyd soos hierdie (Hand 2).

Hulle verstaan dat ons uitdagings veel groter is as ons eie raad en wysheid en antwoorde en soek daarom op ’n stil manier na dieper antwoorde. Soms oor sake so konkreet soos

behuising, werkloosheid, armoede, onversoenbaarheid, geweld en veel meer.

Hulle bid saam daarvoor en dink daarvoor. Hulle verstaan dat hulle nie die land kan verander nie, maar wel êrens in hulle plaaslike gemeente en gemeenskap ’n verskil kan maak en hulle doen dit.

Hulle reik nie verklarings hieroor uit nie en skryf nie lang briewe in koerante hieroor nie. Hulle het dikwels nie tyd of lus daarvoor nie, want hulle het die nood in hulle medeskepsels en landgenote se oë gesien en is diep daardeur geraak.

Miskien moet ons oor hierdie strome in die NG Kerk ook dink ...

Die NG Kerk se publieke aansien, (noem dit maar ‘branding’) is diep in die moeilikheid. Daar is redes voor, maar dit kan ook verander word.

Intussen is dit nie waaroor dit vir hierdie ander gelowiges in die NG Kerk gaan nie. Wel oor ’n koninkryksvisie en roeping wat nou en elke dag geleef moet word.

► Dr Braam Hanekom is direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis in die Wes-Kaapse sinode. Die skrywe is oorspronklik op sy facebook-blad gedeel. Dit word met sy toestemming hier geherpubliseer.

“Die NG Kerk se publieke aansien, (noem dit maar ‘branding’) is diep in die moeilikheid. Daar is redes voor, maar dit kan ook verander word.”



Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag.

Jou ondersteuning stel Kerkbode in staat om voort te bou op ’n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849

toe die eerste Kerkbode verskyn het met die oorspronklike doel om “godsdienstkennis te versprei”.

Besoek www.kerkbode.co.za om uit te vind hoe jy ’n Vriend van Kerkbode kan word.

VERSTAAN die Bybel

Hoe het 'n eenvormige 'kanon' ontstaan?

MARIUS NEL

In hierdie reeks rubrieke kyk die skrywer na die gebeure wat die wêreld gevorm het waarin die Nuwe Testament geskryf is. Hierdie is die laaste aflewering.

Die sewende, en laaste, gebeurtenis wat Warren Carter uitlig as belangrik vir die verstaan van die Nuwe Testament is een wat oor ten minste 350 jaar strek: die ontstaan van die Nuwe-Testamentiese kanon.

Die woord "kanon" kan as "reël" of "norm" verstaan word en verwys na die lys van 27 boeke wat as gesaghebbend vir die Christelike leer deur die kerk beskou is.

Die proses waarvolgens die ver-

sameling byeengebring is, is vandag moeilik om te rekonstrueer aangesien dit oënskynlik sowel onbeplan as ongekoördineerd was. Die proses het volgens Carter in fases oor meer as een eeu plaasgevind. Die eerste fase was die skryf van die geskrifte wat later die Nuwe Testament sou vorm. Die fase was teen ongeveer die jaar 130 nC voltooi. Die geskrifte was egter nie deel van versamelings nie. Die volgende fase het aangebreek met hulle gebruik in ander gemeentes as dié aan wie hulle aanvanklik gerig was. Dit het weer 'n behoefte aan kopieë laat ontstaan en soos wat die kopieë onderling tussen gemeenskappe versprei is, is van hulle geleidelik in versamelings opgeneem. Met die aanvang

van die tweede eeu het die kerkleier Ignatius byvoorbeeld geweet van verskeie briewe van Paulus. Die verskillende versamelings was egter nie eenvormig nie. So het Marcion al in die tweede eeu nC sy eie versameling geskrifte, meestal briewe van Paulus, as gesaghebbend voorgedra in weerwil van die breë kerk wat meer geskrifte as gesaghebbend beskou het.

Teen die vierde eeu het die druk begin toeneem vir 'n eenvormige kanon vanweë keiser Konstantyn se strewing om die kerk te verenig. In reaksie hierop het 'n kerkvergadering in 363 nC te Laodisea 'n lys opgestel. Die lys het egter nie al die boeke van die Nuwe Testament bevat nie. Die eerste lys wat na hulle al-

mal verwys is eers enkele jare later deur die biskop van Aleksandrië, Athanasius, opgestel. Hierna sou dit nog drie dekades neem voor dit bekragtig is deur 'n kerkvergadering in Noord-Afrika. Die presiese kriteria wat gebruik is om spesifiek die 27 geskrifte te kies, is onduidelik. Waarskynlik was dit 'n kombinasie van of hulle oorsprong naby die tyd van Jesus en die apostels was, of hulle met 'n apostoliese figuur verbind kon word en of hulle oor 'n teologiese inhoud beskik het wat wyd aanvaar is. Wat wel duidelik is, is dat die versameling met verloop van tyd die mees invloedryke in die geskiedenis geword het.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

Die gesprek oor kerkverband het in die NG Kerk skielik momentum gekry. Aan die een kant is daar diene wat positief is oor die moontlikheid van nuwe sinodes, die herstrukturering van bestaande sinodes en die herindeling van ringe.

In sommige van die gesprekke word selfs gemeen dat die Algemene Sinode soos dit tans bestaan se rakleef tyd verby is. Aan die ander kant is daar diene wat die status quo verdedig asof die sinodaal-presbiteriale verband soos wat dit in die NG Kerk neerslag gevind het, 'n model is wat pasklaar uit die hemel afkomstig is. Dit is egter ver van die waarheid.

Die stelsel vind sy wortels in die

parogiale stelsel wat uit die Romeinse Ryk dateer. Daarvolgens is stede in verskillende distrikte ingedeel om administrasie te vergemaklik. Hierdie stelsel het tydens die Reformasie ook in die gereformeerde wêreld neerslag gevind. Gemeentes is geografies saam in ringe en sinodes gegroepeer namate die kerk gegroei en uitgebrei het. Dit het weinig met teologie of die Bybel te doen gehad. Met die koms van Jan van Riebeeck in 1652 is hierdie stelsel ook na Suid-Afrika oorgedra. Suid-Afrika en Namibië is mettertyd so opgedeel dat elke vierkante millimeter deel van 'n gemeente, 'n ring en 'n streeksinode uitgemaak het. Die verskillende streeksinodes het in 1962 saam die Algemene Sinode gevorm.

Aanvanklik was die gemeentes aan die Kaap deel van die Klassis (ring) van Amsterdam voordat die eerste gekombineerde vergadering van gemeentes in die Kaap in 1746 plaasgevind het. Dit is egter in 1759 deur die owerheid aan die Kaap afgeskaf. In 1824 het die eerste sinode in die Kaap plaasgevind en is 'n kerkverband gevestig. Namate lidmate van die NG Kerk na die binne-land gemigreer en daar gemeentes ontstaan het, is hulle saamgegroepeer in die Ring van die Trans-Gariep wat ook deel was van die Kaapse sinode. Hierdie verband is in 1862 deur die bekende Loedolff-saak verbreek toe gemeentes van buite die grense van die Kaap hulle sittingsreg op die sinode verbeur het. Dit het gelei tot die

ontstaan van verskillende sinodes vir die Oranje-Vrystaat in 1864, Natal in 1865 en Transvaal in 1866. Dit is opvallend dat grense van hierdie sinodes bloot geografies volgens die verskillende republieke getrek is. Gaandeweg het meer ringe en sinodes ontstaan soos wat meer en meer gemeentes gestig is. Dit het die grense van die kerkverband voortdurend gewysig.

Kan die grense dus verander sodat die verband anders lyk? Vir seker. Dit sal die gesprekke egter baie help as ons die geskiedenis oor die ontstaan van die kerkverband in die NG Kerk deeglik daarin verreken.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

Die gesprek oor kerkverband: Moenie die geskiedenis vergeet nie

In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

Die derde vlag van die Covid-19-pandemie het ons harder getref as wat die meeste van ons verwag het. Van oral hoor ons berigte van mense wat getraumatiseer is deur die omvang van siekte en dood in hulle familie en vriendekringe. Daarbenewens kom die skrikwekkende beelde van die geweld en plundering in KZN en Gauteng, die internasionale verslag oor klimaatsverandering en die negatiewe berigte oor die kerk. Dit is seker te verwagte dat baie gelowiges oorweldig en verlam voel.

Die Brenthurst-opname, wat in die laaste week van Julie gedoen is, toon dat 37% Suid-Afrikaners bang is oor die toekoms en 21% wanhopig voel. Net 36% is hoopvol oor die toekoms van Suid-Afrika.

Hoe leef ons in pas met die lewende God in so 'n tyd?

• Daar is 'n tyd is vir elke ding

Die Bybel leer ons daar is 'n tyd om te lag, en 'n tyd om te huil. Miskien het hierdie krisis jou persoonlik getref. Dan is dit nou die tyd om te huil, om troos en sorg en liefde te ontvang. Die lewende God met wie ons in pas leef, is die barmhartige God.

• "Hoe kan ek jou help?"

Nie alle mense beleef 'n krisis op dieselfde manier nie. In elke krisis is daar gelowiges wat die vraag vra: "Hoe kan ek in hierdie tyd God se liefde aan mense wys?"

Anton Rupert het gesê dat as jy sien daar is iemand nodig om leiding te neem in 'n situasie, is jy waarskynlik self

In pas met God in 'n voort-slepende krisis

daardie "iemand". As die Here mense of 'n situasie op jou hart lê, moet dit nie ignoreer nie.

• Vra Godsvrae

Ons is ten diepste oortuig dat God lewend en aktief betrokke is by die kerk, die gemeenskap en in die skepping. Daarom vra ons in krisisse vrae oor WIE God is en WAARMEE God besig is. Godsvrae fokus ons denke, gebede en gesprekke op die aktiewe teenwoordigheid van God in ons midde. Dit help ons om nie so maklik vas te val in negatiewiteit of wanhopig te raak nie.

Hier is 'n paar voorbeelde van Godsvrae:

• Wie is God werklik? Dit help om God opnuut te ontdek in die situasie waarin jy nou is.

• Wat is God nou besig om te doen? Hierdie vraag help juis in tye wanneer mense dink dit gaan baie sleg.

• Wat is God besig om herhaaldelik vir my te sê? Luister byvoorbeeld na getuïenisse – van medegelowiges en mense uit die gemeenskap.

• Aan wie behoort ek, en ... watter implikasies het my antwoord hierop? Dit help om te onthou dat jyself en die wêreld nie aan mense behoort nie, maar aan God.

• Wat is God se wil vir my? Dit is altyd groter en anders as wat ons dink.

Moenie deel wees van polarisasie nie

Hierdie tyd is een van geweldige polarisasie. Dit is so maklik om deel te word van gesprekke wat gelaai is met stereotipes en vooroordele, veral ten opsigte van ras. ►



Om erns te maak met 'crazy-sounding' Skrifgedeeltes – en dit juis as gelowige

How (not) to read the Bible: Making sense of the anti-women, anti-science, pro-violence, pro-slavery and other crazy-sounding parts of Scripture deur Dan Kimball

Uitgewer: Zondervan Reflective, 2020

Resensent: Nina Müller van Velden

Dis was die titel van Dan Kimball se nuutste boek, *How (not) to read the Bible: Making sense of the anti-women, anti-science, pro-violence, pro-slavery and other crazy-sounding parts of Scripture*, wat eerste my oog gevang het. Hierdie 2020-publikasie (wat blitsig uitverkoop het) kom uit die pen van 'n kerkplanter, skrywer en teoloog wie se passie lê by die relevansie van die Christelike geloof, die Bybel en die kerk in ons dag en tyd.

Vandaar ook hierdie skrywe wat – gewortel in sy eie geloofsreis en erns met die Bybel – praktiese riglyne bied vir hoe ons die Bybel verantwoordelik kan lees.

Met 'n deurgaans humoristiese en toeganklike styl, skop hy in hoofstuk 1 af met 'n sinvolle hermeneutiek 101 vertrekpunt vir die lees van die Bybel. Hy erken dat daar inderdaad vreemde en selfs ontstellende dinge in die Bybel staan, wat nie geïgnoreer kan word nie – vir sowel gelowiges as ongelowiges. Daarom, skryf hy: “The key to making sense of crazy and disturbing passages is to understand how *not* to read the Bible.” Vir hom is dit belangrik dat lesers juis erns maak met daardie “crazy-sounding texts” in die Bybel, en om dit gelowig en denkend te lees en te oorweeg. Hy benadruk deurgaans dat ons

sensitief moet wees vir die antieke kontekste waarin Bybeltekste ontstaan het, asook die verantwoordelikheid van Bybellesers om verse binne hulle groter literêre geheel te interpreteer. Dit staan nie teenoor die oortuiging dat die Bybel inderdaad die geïnspireerde Woord van God is nie. Hy som dit goed op met die opmerking: “The Bible is written for us, but not to us.”

Die boek is aan die hand van vyf temas ingedeel, wat tipies ter sprake kom wanneer daar vrae oor Bybeltekste gevra word: die Bybel en wetenskap; geweld in die Bybel; anti-vroue-posisies in die Bybel; pro-slawerny-standpunte en vreemde voorskrifte; en die aanspraak dat God Drie-enig die enigste waarheid is (teenoor ander godsdienste en gode). Hoewel hy nie in diepte al die voorbeeld-tekste bespreek

nie, skets hy 'n deeglike inleiding vir elk, wat self verder deur die leser bestudeer kan word. Eerder as om in geïnterpreteerde “vir” of “teen” loopgrawe op te eindig, word die leser uitgenooi om saam te dink en ook self uit te pluus wat om daarmee te maak.

Kimball moedig lesers aan om hierdie boek ook in Bybelstudiegroepe en Bybelskoolruimtes te gebruik, en stel binnekort verdere hulpmiddels hiervoor op sy webblad www.dankimball.com beskikbaar. Na my mening kan dit beslis ook sinvol ingespan word by tienerbedienings en belydenisgroepe, waar baie van hierdie temas gereeld opduik.

► *Dr Nina Müller van Velden is 'n post-doktorale navorsingsgenoot by die Departement Ou en Nuwe Testament, Universiteit Stellenbosch.*

Verhelderende fokus op 'interne oriëntering van leiers'

Jesus-leierskap: Hoe om te lei in 'n veranderende wêreld deur Roedolf Botha

Uitgewer: Lux Verbi, 2021

Resensent: Rethie van Niekerk

Hoe om 'n gemeenteleier te wees in ons verwarrende, veranderende, Covid-wêreld (of dan VUCA-wêreld – kort vir *Volatility, Uncertainty, Complexity* en *Ambiguity* – soos wat mense graag deesdae praat). Dit is die saak wat Roedolf Botha verduidelik bespreek in *Jesus-leierskap*.

Ek wou hierdie boek – wat spesifiek gemik is op predikante en pastore – sommer met Stephan Joubert se voorwoord al vir almal aanbeveel. Botha stel egter nie teleur nie. Ek het sy skrywe behoorlik verslind, terwyl ek die heelyd geïnspireer is om na te dink oor die gemeente waarin ek dien se

kultuur en DNS.

Die hoogtepunt van Botha se bydrae is die fokus op die persoon van die leier self – wat hy die “interne oriëntering van leiers” noem. Heerlik verfrissend om 'n leierskapsgids te lees wat drie volle (inspirerende) hoofstukke daaraan wy om leiers te herinner dat hulle eie identiteit in Christus, hulle diensbaarheid en hulle geloofsoortuiging die kern en fondasie van hulle leierskap is.

Hoewel Botha wyd belese is en in sy werk grondig kennis neem van bestuurs- en ander wetenskappe, is hierdie 'n geestelike werk vir geestelike leiers. Hy praat uitvoerig (met deernis) oor die manier waarop twyfel deesdae 'n byna ereplek ontvang, asook die wankelende geloof van baie geestelike leiers. Hierteenoor motiveer hy sy lesers met geloof. “Dit is slegs 'n leier

met 'n kerngeloof in Jesus se krag en voortdurende teenwoordigheid wat die innerlike stamina en volharding sal hê om die toetse van leierskap te deurstaan.”

Jesus-leierskap doen moeite om die landskap van ons konteks te beskryf, asook die roeping van kerkleiers. Aan die hand van die Evangelie van Markus word leiers ook geïnspireer om na die eksterne aspekte van leierskap te kyk. Hier word daar gefokus op 'n kultuur van missionaliteit, wat duidelik en eenvoudig verwoord kan word; lewenstransformasie; onderlinge verhoudings as familieverhoudings wat anders en insluitend is; en die taal van publieke geloof. Daar word ook aandag gegee aan die belangrikheid van waagmoed.

Die fokus op die skep van 'n lewende kultuur dra daartoe by dat

Jesus-leierskap nie sommer net 'n handleiding vir strategiese beplanning is nie, maar 'n weldeurdragte kompas in 'n “van-die-kaart-af” wêreld (om Botha se term te gebruik). Botha hou by sy eie raad dat kommunikasie duidelik en eenvoudig moet wees, al hou dit volledig rekening met kompleksiteit. In sy eie woorde: “Doeltreffende leiers los nie die gemeente se onsekerhede op met sekerhede nie. Wat hulle wel doen, is om prinsipiële helderheid en duidelikeheid te bring sodat die gemeente altyd weet in watter rigting hulle beweeg.”

Jesus-leierskap is prakties, inspirerend, relevant, gelowig en nodig. Maak gerus plek vir dié een op jou boekrak.

► *Ds Rethie van Niekerk is predikant van Blouwaterbaai Fameliekerk in Gqeberha.*

Die Brenthurst-opname wys dat die swartmense méér as wit, bruin of Indiërs vrees of wanhoop oor die toekoms van die land. Indiërs en swartmense is ook baie swaarder as witmense getref deur voedseltekorte en verlies aan werk.

Om die onluste en plundery bloot deur die bril van ras te verstaan, pleeg 'n onreg teenoor die mense wat die swaarste getref word.

• Bou en versterk die netwerke

Elke krisis gee die geleentheid dat gelowiges oor ras-, taal- en kerkgrense

nader aan mekaar kan kom. Diens verenig ons. Ons het seker almal die video-clips daarvan gesien in die opruimingswerk na die onluste. Ons uitdaging is dat daar iets blywend daaruit sal voortvloei.

In 'n paneelbespreking in *Kerkbode* sê die historikus Lindie Koorts (UV) dat die rede waarom die onrus so vinnig in KZN en Gauteng kon versprei, was omdat daar dormante netwerke van insurreksie bestaan wat weer opgeroep is. Sy wys uit dat daar ook spontane netwerke

ontstaan het van goeie mense wat betrokke raak by herstel en opbou.

Die vraag is: Waarom funksioneer die netwerke wat wil opbou en versoen nie altyd nie, waarom net ná krisis? Hierin lê dalk van die belangrikste werk wat gelowiges kan doen in hierdie tyd. Maak en behou kontak met medegelowiges. Ons is die meerderheid in hierdie land. Saam is ons beter.

• Vat 'n pas wat jy kan volhou

Verlede jaar het kundiges al gewaarsku dat hierdie pandemie nie gou oor gaan

wees nie. Ons sien nou dat hulle reg was. Maar ons het nie regtig geweet hoe uitgewas die meeste van ons teen hierdie tyd gaan voel nie!

Wysheid beteken dat jy geleentheid aangryp, maar nie te veel hooi op jou vurk laai nie. Die belangrikste is om aan te hou vra: “Waarvoor roep God my in hierdie tyd?” Maak seker dat jy in hierdie krisistyd in die regte rigting bly beweeg. Gee klein treetjies, maar hou aan.

► *Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.*

Nederige man met 'n passie vir kerkeenheid

HELÉNE MEISSENHEIMER

Vroegoggend op Donderdag 29 Julie 2021 ontvang ds **Abie Cloete se vrou Kooitjie** (foto) en sy familie sowel as die uitgebreide kerkfamilie in Botswana die hartseer nuus dat hierdie "very humble, soft-spoken man who loved the Lord so much" op 76 jaar oorlede is.

Abie was een van die laaste "gesubsidieerde leraars" van die Sinode in Noord-Kaapland. Dié voormalige kommunikasietegnikus, wat in 1976 in Pretoria met Kooitjie, sy "sielsgenoot en ruggraat van sy bediening", getrou het voor hulle na Botswana beroep is, het dikwels vertel hulle 20 jaar in die bediening in Botswana was die beste jare van sy lewe.

Gedurende die tyd in Botswana het Cloete, terwyl hy predikant was op Gaborone, vele hoede in diens van die ring en die sinode van die NG Kerk in Botswana gedra, insluitend dié van moderator. Tog is dit nie wat hy genoem sou wou hê nie. "Hy was 'n nederige man," sê sy vrou Kooitjie.

As "'n nederige man" wat geleef het vir die bediening ten spyte van uitdaginge met sy gesondheid,

is ook hoe van sy oud-kollegas hom onthou, soos blyk uit die huldeblyke by sy roudiens wat op 6 Augustus by die NG Langebaan-gemeente gehou is – die gemeente waar hulle sedert sy aftrede sowat 19 jaar gelede betrokke was.

"Wat my die meeste van hom beïndruk het, was sy energie," deel oud-kollega, ds Adriaan Haasbroek. Cloete het Haasbroek in 1984 in sy eerste gemeente by Labotse, suid van Gaborone, bevestig. Hy vertel hy is altyd met 'n koppie warm tee verwelkom by die Cloetes, maar dit het meermale gebeur dat hy dit halfgedrink moes los omdat hy gou saam met Cloete na een of ander vergadering moes jaag.

Die enigste uitsondering was as daar 'n "klop aan die deur" was vir Abie, want dan het hy altyd eers tyd gemaak om met die persoon te gesels ongeag of hy haastig was iewers heen. Buiten sy verpligtinge as predikant by Gaborone-gemeente en die ampte wat hy in diens van die sinode vervul het, was hy ook betrokke by vele organisasies en projekte, waaronder die Botswana Christian Council, Gaborone Jesus Campaign, Industrial Mission Botswana, Church Radio Council en World Alliance of Reformed Churches.

Haasbroek vertel sy eerste taak was om Labotse-gemeente in 'n proses van eenwording te lei, maar hy het met sy aankoms gevind hulle is hierop voorberei danksy die werk van Abie en Kooitjie. "Daar was een ding wat hy altyd gepreek het en dit is dat ons een is. Jesus Christus het gekom om die skeidsmuur af te breek ... en hy het dit met sy lewe gedoen. Ek kon bou op hierdie boodskap waarmee hy Lobatse se gemeente deurweek het."

Verskille in kultuur of taal het nie 'n verskil by Abie gemaak nie, aldus Haasbroek. "Dit is so maklik om onenigheid te saai ... dit vat soms net een woord, maar dit vat volharding om te verenig. Ek is so dankbaar dat ons in Botswana kan sê ons is 'n soort van kwesbare model van die eenheid in Jesus Christus," het Haasbroek gesê. Hy het bygevoeg, "Vir my was Abie meer as 'n broer, hy was soos 'n vader vir my. Al wat hy wou hê is vrede en versoening ... dat ons na mekaar kyk met die oë van Jesus."

Dit is ook met waardering vir sy rol as mentor en sy nalatenskap wat die huidige leierskap van die kerk in Botswana vir Abie onthou. "I consider myself one of the sons

that he raised. I learned a lot from him. I personally view him as my father ... he was a very humble soft-spoken man who loved the Lord so much," sê Thapelo Boikanyo, huidige leraar van die Gaborone-gemeente en moderator van die DRCB op 'n stemnota wat by die roudiens in Langebaan gespeel is. Covid-inperkings het verhoed dat Boikanyo die diens persoonlik kon bywoon, maar 'n spesiale roudiens is ook in Gaborone gehou.

Hierdie boodskap van Boikanyo het in 'n onlangse nuusbrief van die sinode van die Noord-Kaap verskyn: "Shalom. Rev AB Cloete has gone to be with the Lord this morning at 5 am. He is gone but not forgotten. We thank God for his life and work of ministry. He has imparted a great deal of spiritual transformation to many lives in Botswana especially in DRCB and Gaborone Congregation which he served for 20 years. Unfortunately we will not be able to go and celebrate his life with Mma Moruti Cloete because of the prevailing circumstances."

Die Cloetes het nie kinders van hulle eie gehad nie, maar "baie 'aangenome' kinders" sê Kooitjie later vir *Kerkbode*. Hulle sou vanjaar 45 jaar getroud wees.



AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

NG KERK

BEROEP: Ds Christo Botha van Proteahooft, Brackenfell na Heuwelsig, Bloemfontein; ds Willie Korb van Môregloed na Pofadder; ds Egbert Steyn van Patterson na Goodwoodpark as brugpredikant.

AANVAAR: Ds Victor Cloete na Moreletapark; ds Werner Nel van Zambië na Doringkruin; ds AJ Small van Ballito Gesinskerk na Parow-Panorama.

WES-KAAPLAND

AFSKEID

Dr Daniël de Wet se afskeidsprek het op 22 Aug 2021 om 09:30 te NG gem Stellenbosch-Wes plaasgevind. (Michéle Erwee, 06.08.2021).

NOORD-KAAPLAND

RINGSITTING

Die Ring van Upington hou hulle jaarlikse Ringsitting op 29 Aug 2021 te NG Kerk Upington-Wes. (Elna Theron, 17.08.2021).

OOSTELIKE

BEVESTIGING

Rayline Coetzee het die beroep na Lux Mundi gemeente aanvaar as diensleerling in die spesialisasieveld van jeug- en familiebediening met ingang 1 Julie 2021. Haar bevestigingsdatum is as gevolg van die pandemie uitgestel na 15 Aug 2021. (Nelia Kotzé, 12.08.2021).

Ds Johan Koen het die beroep na NG Kerk Lydenburg aanvaar en tree op 1 September 2021 in diens van die gemeente. Hy sal op 5 September 2021 sy intreesprek lewer en ook in diens van die gemeente bevestig word. (Ina Botha, Skriba, 19.08.2021).

Die volgende Kerkbode verskyn op 17 September 2021.

Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath: Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za

Die sluitingsdatum vir bespreking van advertensies, is 6 September 2021.

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van Kerkbode nie.

Alfa Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskapsentrum (Gestig 1987)

Bied vir die sewende jaar 'n unieke jaarkursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens aan!

Die nommerpas kursus vir entrepreneurs en selfwerkskeppers!

Kom leef jou roeping, word prakties bemagtig as 'n agent van verandering en doen jou eie of die netwerkding!

Teikengroep: Predikante, maatskaplike werkers, studente, "gap"-jaars en enige belangstellende volwassenes.

Inskrywings: Dwarsdeur die jaar, vir een jaar.

Status van die kursus: Sertifikaat, geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria (120 VBO-punte) en geregistreer deur die Council for Pastoral and Spiritual Counsellors – CPSC (20 CPSC/CPD-punte).

Beurse is beskikbaar vir verdienstelike student!

Kursusleiers:

Dr Jan Botha: Tel: 012 546 3545, sel: 076 481 5683

E-pos: janbotha1102@gmail.com

Dr Retha Kruidenier: Tel: 012 329 1352, sel: 082 413 8462

E-pos: retha@geo-logic.co.za

Vir meer detailinligting besoek:

alfapastoralepraktyk.com en Zamazamahope4u.com

Die kursus is bekendgestel oor RSG, Pretoria FM, Radio Kansel, in die Kerkbode en LIG, Huisgenoot, Vrouekeur, Juig, asook deur 'n artikel in die Kerkbode deur die redakteur, Neels Jackson.

AKKOMMODASIE**BLOEMFONTEIN**

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693**. hanlidevilliers@webmail.co.za

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg-gesinswoonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

HERMANUS: SPESIALE AANBOD AUG EN SEP 2021. R3 550 per nag vir maksimum 8 mense (min 3 nagte) – 4 slaapkamers, 3 badkamers en ruim leefareas. Tariewe: OKT / NOV – R5 100 p/n. DES – R6300 p/n. Skakel Heidi 082 561 1271.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL – 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

MOSSELBAAI (REEBOK)
SEE-UITSIG vakansiewoning bestaande uit 2 ruim selfsorgwooneenhede (2½- en 3½ slaapkamer). Heeljaar beskikbaar. 8 km van Hartenbos. **083 508 4289**.

**Afrikaanse Christen Kerk van New Zealand
(ACK van NZ)****HOWICK-GEMEENTE****VAKATURE: LERAARSPOS**

Die Howick-gemeente van die Afrikaanse Christen Kerk van New Zealand (ACK van NZ) beskik tans oor 'n vakante pos vir 'n leraar wat tans in die beroep staan en wat geroepe voel om in 'n dinamiese multi-denominale gemeente te dien.

Maak asb seker dat u vir 'n werkspermit met permanente verblyf sal kwalifiseer deur die NZ Immigrasiewebblad te besoek by:

<https://www.immigration.govt.nz/search#religious%20workers>.

U kan 'n e-pos aan my stuur waarop ek aan u 'n aansoekvorm sal stuur vir voltooiing. Indien u meer besonderhede verlang is u welkom om my te kontak: Gerrie Brits by ackhowick@gmail.com of (+64) 021 280 4557.

**VAKATURE:
VOLTJDSE PREDIKANT**

Ons nooi hiermee graag belangstellendes, wat geroepe voel om betrokke te raak met die daadwerklike uitlief van ons gemeente se getuienisskrif, om aansoek te doen vir die vakante permanente pos van voltydse leraar by NG Kerk Stellenbosch-Wes.

Kontak gerus ons Gemeentebestuurder, Michéle Erwee, by: kerkkantoor@stellenboschwes.co.za vir aansoekinligting.

Aansoek sluit op **Vrydag 17 September 2021** om 13h00. Diensaanvaarding vanaf 1 Januarie 2022.

**NG Kerk Stellenbosch-Wes
Getuienisskrif**

Stellenbosch-Wes se lidmate wil graag leef vanuit 'n lewende verhouding met Christus, die Hoof van die gemeente. Ons wil graag die Here toelaat om ons te snoei sodat ons kan groei en die vrug van die Heilige Gees kan dra. Ons wil graag die evangelie oral deel met die mense wat Hy oor ons lewenspaaië bring.

Ons is 'n diverse gemeente wat kleuters, die jeug, jongmense, werkendes in 'n wye verskeidenheid beroepe, afgetredenes, verswakte bejaardes en mense met gestremdhede bedien. Die jeug en 'n bediening wat met hulle styl in pas is, is vir ons baie belangrik.

Die eredienste is vir ons sentrale gebeurtenisse waar die Here aanbid word, die Woord van God verkondig word en al die handeling bydra tot die beleving van 'n ontmoeting tussen God en sy gemeente.

Ons glo dat die gemeenskap van gelowiges, gebed en verdieping in die Woord baie belangrik is. Ons weet egter dat ons veel meer sal moet doen om gestalte daaraan te gee in kleingroepe, gesamentlike aksies, gasvryheid, goeie kommunikasie en die aktiewe meeleving van al ons lidmate. Daar is 'n behoefte aan geleentheid en strukture vir die opbou van verhoudings en die beoefening van die gemeenskap van gelowiges deur saam te bid, saam Bybelstudie te doen, saam te groei, saam te dien, saam te getuig en saam uit te reik.

Ons glo dat die toerusting van lidmate en van leiers baie belangrik is. Ons weet egter dat ons baie meer sal moet doen sodat dit kan lei na standhoudende dienslewering en getuienis.

Ons glo dat ons ook in breër verband gehoorsaam moet wees aan God se opdragte oor evangelisasie, sending en versorging en wil graag hande vat met ander gemeentes en organisasies wat dieselfde doel nastreef.

**NG GEMEENTE KROKODILRIVIER
BRITS****stel die vakature van 'n leraar bekend****Gemeenteprofiel**

Die gemeente is 'n semi-plattelandse gemeente in Brits en is een van drie NG gemeentes binne dorpsgrense. Die dorp bestaan uit 'n mengsel van industrië, mynbou en landbou. Binne die bedieningsveld van die gemeente is daar twee groot hoërskole en verskeie laerskole.

Die NG gemeente Krokodilrivier wag aansoeke in vir 'n voltydse leraarspos wat alle leraarspligte volgens Art 9 van die Kerkorde insluit.

Die gemeente bestaan uit 1 073 belydende en 230 dooplidmate.

Leraarsprofiel

Die gemeente van Krokodilrivier het 'n behoefte aan 'n leraar:

- wat 'n toegewyde kind van die Here is;
- iemand wat 'n fokus en passie het op spesifieke gesins- en familiebediening;
- 'n hart het vir huisbesoek;
- 'n passie vir verantwoordelike vernuwings het;
- 'n spanwerker wat gemaklik is met die verskillende bedieningstyle.

Voordele

- Vergoeding vind plaas volgens die normale sinodale skale.
- Reiskoste en ander toelaes word betaal.
- 'n Ten volle gedienste, ruim en goed onderhoude pastorie word voorsien.

Aansoeke

Alle aansoeke moet vergesel word van 'n CV nie langer as twee A4 bladsye en moet drie verwysings insluit.

Rig alle aansoeke aan: kantoor@ngkrokodilrivier.co.za.

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt gedurende Oktober/November 2021.

Aansoeke sluit om 13:00 op 30 September 2021.

NG KERK RENSBURG

Die kerkraad van NG Kerk Rensburg in Heidelberg, Gauteng, wag aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: LERAARSPOS

(Drie jaar termynpos met die moontlikheid van verlenging)

Gemeenteprofiel:

Rensburg is 'n plattelandse gemeente 50 km suid van Johannesburg. Die ongeveer 400 lidmate, waarvan 70 dooplidmate is, bestaan uit ouer sowel as ekonomies aktiewe lidmate. Daar is 'n aftree-oord binne die gemeentegrense en Heidelberg beskik oor twee laerskole en een hoërskool, sowel as verskeie privaat skole.

Leraarsprofiel:

Alle gelegitimeerdes van die NG Kerk is welkom om aansoek te doen, veral jonger persone. Rensburg is 'n liefdevolle gemeente wat uitreik na die gemeenskap en daarom is goeie menseverhoudings en liefde vir ander van kardinale belang. Goeie kommunikasie, rekenaar-, en sosiale mediavaardighede is ook belangrik.

Pligte:

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

Vergoeding en voordele:

- 'n Vergoedingspakket volgens die riglyne van die Sinode Hoëveld tot by vlak 5 word aangebied. Die volledige pakket, wat 'n ruim pastorie op die kerkterrein insluit, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

Aansoek:

'n Volledige CV van hoogstens drie bladsye met persoonlike inligting en die name en kontakbesonderhede van drie referente kan voor of op 15 Oktober gestuur word aan: ngkerkensburg1@gmail.com

Persone op die kortlys sal vir 'n preekbeurt en onderhoud genooi word. Reiskoste is vir eie rekening.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Oktober 2021.

Diensaanvaarding: 1 Januarie 2022 of so gou moontlik daarna.

Navrae:

- Leierouderling Peet Grobler 061 193 2257.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Ek hoor nog die klik-klak van die gesprekke tussen ds Weich en die San-mense

Die foto wat Pa op ds Ferdie Weich se sendingstasie op Tsumkwe in die ou Suidwes-Afrika geneem het, lê nou al vir lank op my skryftafel. Ek het dit tussen Pa se skyfies gekry en het 'n afdruk daarvan laat maak.

Op die foto staan vyf mans in die veld. Boesmans. San-mense. In broeke en hemde. Vier van hulle dra 'n hoed (sien foto).

“En hierdie is ds Weich se bekeerlinge,” hoor ek Pa nog sê wanneer hy die skyfie vir mense gewys het.

Tsumkwe is so 280 km noord van Grootfontein waar Pa toe predikant was. Byna die helfte daarvan was 'n tweespoor-sandpad. Pa het maklik vir twee of drie dae weggebly wanneer hy na ds Weich toe is.

Minstens een keer per maand het ds Weich en sy vrou Muriel Grootfontein toe gekom om voorrade te koop, altyd met een of twee Boesmans saam met hulle. Ek was vyf, ses jaar oud en het net brokstukke in my geheue daarvan oor: Ds Weich se International-bakkie met 'n seilkappie. Ma wat een aand vis vir aandete gaarmaak en toe ds Weich – hulle het gewoonlik by ons in die pastorie oornag – die vis vir die Boesmans neem, wou die Boesmans dit nie eet nie. Ma wat daarna altyd vir mense sê: “Boesmans eet mos nie vis nie”.

Ook onthou ek die harde, wit kurk-hoed wat ds Weich byna pal opgehad het – 'n *pith helmet* soos dié wat ontdekkingsreisigers gedra het. Sien ek 'n foto van David Livingstone of Henry Morton Stanley met 'n *pith helmet* op, dink ek aan ds Weich.

Ds Weich wás nogal die Livingstone van daardie stuk gramadoelas noord van Grootfontein, anderkant Maroelaboom. Hy het in 1961 op Tsumkwe gekom om sendingwerk onder die Boesmans te doen. Daar was toe nie veel meer as 'n boorgat nie. Dit was staatsgrond, myle en myle se woeste bosveld waar die leeus en olifante wild geloop het. Beboomde wêreld: maroela, tambotie, dolfhout, huilbos.

Net 'n klomp Boesmans het daar gewoon en nie almal op een plek nie. Baie van hulle het nog velklere gedra en die mans het met 'n pyl-en-boog gejag.



Hulle het agter die wild aan getrek. Maar dit het oor die jare heen al moeiliker vir hulle geword. Die grond is omhein en hulle jagvelde het kleiner geword. Die sendingstasie het vir hulle 'n oase geword.

Partykeer het ds Weich vir ons van daardie pyl-en-boë van Tsumkwe af gebring – elkeen met 'n koker vol pyl daarby. Ek weet nie of die kerk dit by die Boesmans gekoop het en of ds Weich dit namens die Boesmans verkoop het nie. Ma het eenkeer vir Oupa-hulle 'n pyl-en-boog as geskenk per vragpos Hibberdene toe gestuur.

Op ons stoep het so 'n pyl-en-boog en 'n koker aan 'n spyker gehang.

Ds Weich het mettertyd die Boesmans se taal – die !Kung-dialek – vlot leer praat. Ek hoor nog die klik-klak van die gesprekke tussen hom en die Boesmans wat saam met hulle Grootfontein toe gekom het. Ds Weich het soos 'n Boesman geklink en dit het vreemd gevoel om 'n wit oom só te hoor praat.

Wanneer mense 'n Boesman-dialek met mekaar praat, klink dit of die veld

saampraat. Daardie klik-en-klap-klanke het iets in van voëls wat tjirr en 'n duiker wat teen 'n koppie uit hardloop dat die klippe spat.

Later het ek ook 'n paar !Kung-woorde geken, wat ek geleer het by Nannie, 'n Boesmantjie op oorlede oom Danie Wepener se plaas, Veldduin, naby Maroelaboom. Ons het dikwels by die Wepeners gekuier en dan was Nannie my speelmaat. Nannie se pa het by oom Danie op die plaas gewerk.

Ek kan steeds van 1 tot 10 in !Kung tel, maar weet glad nie hoe om die syfers in !Kung te skryf nie. Ds Weich was ook 'n taalkundige Livingstone toe hy begin het om gedeeltes van die Bybel in !Kung te vertaal.

Hy het ook begin om geboue op Tsumkwe op te rig, want 'n sendeling preek dikwels ook in sement en stene en sinkplate.

Op die ou end het ds Weich die Evangelie van Markus in !Kung vertaal. Hy was lief vir die Boesman-mense en het baie aande saam met hulle om die vuur gesit en na hulle ou-ou stories ge-

luister. Hy was goed vir hulle. Nes Pa is hy in 2010 oorlede.

Baie het op Tsumkwe gebeur sedert Pa die foto in 1965 of '66 geneem het. Ek hoor Tsumkwe is nou 'n dorp.

In die laat 1970's en 80's het die Suid-Afrikaanse Weermag baie van die Kung!-mans as soldate opgelei om in die grensoorlog in die noorde van Suidwes te veg. Nannie, wat my in Kung! leer tel het, het ook 'n soldaat geword. Waar hy nou is, weet ek nie.

Ek kan my verkyk aan die foto. Die een man links voor het 'n spoggerige hoed op, van dié soort wat ouderlinge gedra het. Ek wonder waar het hy die hoed gekry, want dit is beslis nie 'n hoed wat jy toe op Tsumkwe sou kon koop nie. Miskien was hy een van ds Weich se kerkraadslede? En waar is die vroulike bekeerlinge?

Die outjie links lyk na 'n seun. Hy kyk nie na die kamera nie.

Net twee van die vyf kyk reguit na die kamera.

Ek wonder wat het hulle gesien toe hulle vir Pa daar voor hulle sien staan.